IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA 455

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-06-15

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 236

(Bladsye 12 519 - 12 579)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 15 JUNIE 1987.

MNR. JACOBS : U Edele, al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, op die vergadering van 2 September 1984, was daar petisievorms geteken op daardie vergadering? -- Ja.

Wie het die mense gevra op daardie vergadering om petisievorms te teken? -- Die voorsitter, Peter Hlubi.

Op daardie stadium was die regsposisie omtrent die petisie toe al opgeklaar gewees? -- Ja.

Het hy dit so aan die mense oorgedra? -- Ja, dat die dit nou kan voltooi.

Wie het die petisievorms na die vergaderig toe gebring? -- Peter Hlubi het.

Weet jy waar het hy dit gekry of het hy dit by hom gehad? -- Ek, Hlubi en Nozipo het die vorms voorberei in die sin dat ons dit opgestel het hoe dit moet lees.

Was dit die eerste keer dat die werklike vorm beskikbaar was? -- Nee.

Nou, my vraag was aan jou, waar het hy dit gekry - waarvandaan het hy dit gekry voor die vergadering? Het hy dit by hom gehad of het hy dit iewers gekry? -- Ek, Peter Hlubi en Nozipo het toegesien dat dit gedruk moet word. Dit wil sê die voorbereiding en die opstel van die vorms was deur ons gedoen om die vorms beskikbaar te hê

HOF : U antwoord nie die vraag nie. Ons weet u het die konsep opgestel. Nadat u die konsep opgestel het, wie het wat gedoen? -- Peter Hlubi het die vorms gebring.

MNR. JACOBS : Wie het daar in die gehoor die petisie rondgeneem en die handtekeninge van die mense gekry? -- Ek het nie in my getuienis gesê dat die vorms tussen die gehoor

geneem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geneem was nie.

Was dit nie tussen die gehoor geneem nie? -- Nee.

Waar was die vorms? Het hulle op die tafel bly lê? -- Ja, net soos hy dit gebring het, het dit op die tafel bly lê.

Aan die begin van die vergadering tot die einde van die vergadering? -- Ja, hy het van die vorms daar gehad.

Dit het daar bly lê? Luister na die vraag en antwoord hom net asseblief. Het die vorms daar op die tafel bly lê vandat hy dit daar gebring het aan die begin van die vergadering tot aan die einde van die vergadering? -- Ja.

Sal jy saamstem dan niemand het daardie vorms aan die gehoor uitgegee en gevra hulle moet teken nie? -- Hierdie dag was van die vorms alreeds geteken gewees. Dit wil sê dit was terugbesorg en van die vorms het op die tafel bly lê.

Jy antwoord weer nie my vraag nie. Hoekom antwoord jy nie die vraag nie? -- Ek antwoord die vraag. Ek antwoord die vraag dat u dit so moet verstaan dat die vorms wat hierdie betrokke dag beskikbaar was, is nie die enigste vorms wat op die tafel gelê het nie. Voor die dag van hierdie vergadering was daar vorms alreeds uitgegee aan mense. Dit wil sê die vorms wat in die besit van die mense was.

Ja, wat daarvan? -- Wat ek daarby bedoel is dat by die einde van die vergadering is daar van die vorms terugbesorg aan die voorsitter wat alreeds geteken was. Dit beteken dus dat die vorms daar op die tafel was nie die enigste vorms wat beskikbaar was nie. Van die vorms was alreeds uitgegee aan verskillende persone.

Ek sal die vraag weer herhaal. Stem jy saam, volgens jou weergawe hier in die hof, was daar nie op daardie vergadering van die 2de van die vorms daar uitgegee aan die

gehoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehoor en gevra hulle moet dit teken daar nie? -- Daar was nie van die vorms uitgegee om in die gehoor geneem te word nie, maar op die ou end was daar wel vorms beskikbaar gestel aan die addisionele lede van die areas om die vorms rond te neem.

In die vergadering of in die gemeenskap, in die areas? -- In die vergadering.

Nou vra ek weer vir jou, wie is die mense wat die vorms daar moes rondgeneem het? -- My getuienis is nie dat daar mense was wat die vorms tussen die gehoor geneem het terwyl die vergadering aan die gang was nie, maar dat die verteenwoordigers van die areas na die vergadering gesluit verklaar was, toe na vorentoe gekom het om vorms te kry wat hulle toe gebruik het toe die mense daar die name gegee het, dit wil sê die name op die vorms geteken het.

Sê jy dat die vorms is eers onder die gehoor rondgeneem na die vergadering al gesluit het? -- Nee, ek sê nie so nie.

Nou verstaan ek nie vir jou nie. Wat sê jy vir ons? -- In die loop van die vergadering is daar 'n aankondiging gemaak dat daar addisionele lede moet wees vir verskillende areas. Dit wil sê wat dan in beheer gaan wees van die vorms of die areas. Na dit gedoen was, was gesê dat dié wat voel of wat hulle self bereid verklaar om deel te neem sal vorentoe moet kom sodat Nozipo die persone se besonderhede, dit wil sê die name kon neerskryf. Na dit gedoen is, was dit gesê dat die persone dan die vorms sal kry om die vorms rond te neem in die verskillende areas.

Is dit al? -- Ja, dit is hoe dit gebeur het.

Laat ons dan net duidelikheid kry. Is die mense gesê om dadelik na vore te kom gedurende die loop van die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering of was hulle gevra om na die vergadering na vore te kom? -- Wat gesê was was dat die mense na vore sal moet kom na die vergadering gesluit het.

En is dit ook reg, daar het niemand gedurende die vergadering vorentoe gekom nie, maar eers na die vergadering gesluit het? -- Ja, na die vergadering het hulle eers beweeg.

Toe was die mense al besig om uit te gaan toe die mense vorentoe gekom het? -- Nie al die mense van die gehoor het die vergadering onmiddellik verlaat nie. Van hulle het na vore gegaan waar hulle hulle besonderhede gegee het vir die persone wat dan verteenwoordigers gaan wees. Van hulle het sommer daar en dan geteken op hierdie petisievorms. Dit is juis die rede dat ek sê na die vergadering gesluit het, is daar van ons wat nog vir omtrent vyftien minute in die vergaderplek vertoef het. Dit is gedurende die tyd wat die mense daar geteken het.

So, gedurende die verloop, volgens jou weergawe wat jy nou vir die Hof vertel het - gedurende die verloop van daardie vergadering, voor die sluiting, was daar geen petisievorms geteken op daardie vergadering nie? -- Nee, ek het alreeds in my getuienis gesê dat daar van die vorms alreeds uitgegee was om rondgeneem te word. Dit wil sê by die vergadering van die 26ste. Dus, by hierdie vergadering van 2 September was daar vorms gewees wat besig was om ingevorder te word. Dit wil sê wat terugbesorg was aan die voorsitter.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry, asseblief. U het vir ons vertel dat by die 26ste is daar vorms uitgegee om ingevul te word? -- Ja.

Daardie vorms is nou gebruik in die gebiede en dit is teruggebring op die vergadering van 2 September? -- Ja.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is van daardie vorms wat op 26 Augustus uitgegee is en op 2 September teruggebring is op die vergadering van 2 September gesirkuleer of het dit net eenvoudig in die besitter se besit gebly en is dit ingegee by die tafel? -- Ek het nie opgemerk dat daardie vorms rondgeneem is tussen die gehoor by die vergadering van die 2de nie. Wat ek wel van weet is dat daardie vorms was terugbesorg aan die voorsitter van die vergadering hier op die 2de.

MNR. JACOBS : En as enigiemand sê dat daar was petisievorms uitgegee en gesirkuleer vir tekening op daardie vergadering, is dit nie korrek nie? En om dit duidelik te maak, gedurende die verloop van die vergadering? -- Dit kan wees dat dit so gebeur het, want van die mense het by hulle in hulle besit vorms gehad.

As dit daar gebeur het sou jy dit gesien het, jy was op die vergadering? -- Indien die persoon wat die vorms rondgeneem het tussen die gehoor gestaan het, sou ek dit gesien het. Ek weet net nie op watter manier dit gedoen was, dit wil sê op watter manier was hierdie vorms tussen die gehoor geneem nie.

Op enige van hierdie vergaderings waar die petisie ter sprake gekom het, dit is die een van die 12de, die een van die 26ste - dit is nou in Augustus 1984 en die een van 2 September 1984, was dit aan die gehoor verduidelik dat jy die man is in beheer van die petisie?

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Praat u van 12 Augustus?

MNR. JACOBS : 12 Augustus 1984, ekskuus 19 Augustus 1984 en 26 Augustus 1984 en die een van die 2de, al vier die vergaderings? Was dit ooit aan die gehoor verduidelik dat jy die persoon is wat in beheer staan van hierdie

petisievorms/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

petisievorms? -- In die eerste plek was dit nie nodig gewees om so 'n aankondiging te maak dat ek in beheer was of die persoon was wat eintlik die beheer het oor die petisie nie.

HOF : Voordat u nou verder gaan. Hierdie vraag kan u met ja of nee beantwoord. As die advokaat wil weet hoekom, dan kan u vir hom sê hoekom, maar sê net ja of nee? -- Ja, ek verstaan dit, maar ek sal vir u sê hoekom ek dit nou nodig vind om te verduidelik.

Ek wil eers 'n antwoord hê. Is dit ja of is dit nee. Dan kan u vir my sê waarom dit regtig nodig is om te verduidelik? -- Goed, sal u dan die vraag herhaal?

Die vraag is die volgende. Op al hierdie vergaderings is dit ooit aan die gehoor verduidelik dat u in beheer was van die petisie? -- Nee.

Wil u nou nog 'n verduideliking gee? -- Ja.

Gee dan die verduideliking. -- Op die vergadering van die 12de het ons daarvan gepraat dat ons navraag sal moet doen en regsmanne sal moet raadpleeg aangaande die petisie wat ons in gedagte gehad het en op hierdie dag van 12 Augustus 1984 was daar nie petisievorms beskikbaar nie. Dit is nou die rede hoekom ek sê dit nie nodig was om daardie aankondiging te maak by hierdie vergadering dat ek eintlik in beheer is van hierdie petisie nie. Selfs op die 19de was daar nie vorms beskikbaar gestel nie, want ons het gesê ons is nog besig met die navorsing met betrekking tot die petisie. Eers op die 26ste toe die vorms alreeds gereed was en verdeel is, deur dit uit te gee aan verskillende mense. Dit is eers op die 2de wat die aankondiging gemaak is in die vergadering dat die mense moet probeer om hierdie vorms aan my terug te besorg die middag, alternatiewelik indien hulle versuim,

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal hulle die vorms aan my moet terugbesorg die volgende môre, dit is Maandag, die 3de, daardie oggend. Dit is my antwoord.

MNR. JACOBS : Was dit ooit op enige van die vergaderings wat nou genoem was, jy weet nou watter is hulle, dat enige vrywilliges, waar hulle die vorms kon kry as hulle wou help? -- Ja.

Wat was gesê? -- Dat hulle die besonderhede van hulle name aan Nozipo moet gee wat dit sal neerskryf.

Was dit net by Nozipo beskikbaar gewees of het julle gesê ook hulle kan na jou toe kom of na Hlubi toe gaan vir vorms? -- Net aan haar alleen. Soos ek sê, sy is die persoon wat die mense se name opgeskryf het.

Is dit korrek as ek jou getuienis so opsom dat jy kan nie vir die Hof die naam van een enkele helper gee wat kom help het met daardie sogenaamde petisie nie? --Ja, ek het die name vergeet. Ek het geweet wat die persone se name is, maar ek het vergeet.

Jy kan nie een enkele een van hulle onthou nie? -- Ek onthou nie. Ek ken hulle. Ek het gesien toe die name daar opgegee was deur hulle. Ek het net vergeet wie hulle is.

Het jy van die mense geken wie se name daar opgegee was? -- Ja, ek het. Selfs nou wat ek hier staan ken ek hulle. Ek het net die name vergeet.

ŉ Verdere punt is dat hoewel daar tweeduisend van die vorms gedruk was - is dit reg? -- Ja.

Hoewel tweeduisend petisievorms gedruk was, was daar nie een beskikbaar wat jy aan die Hof kan voorlê en sê hier is ŉ petisievorm nie? Nie een enkele een nie? -- Ja, dit is so, maar een ding wat u nie moet vergeet nie is dat ek was

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie die persoon in wie se besit die vorms was nie.

Wat het van al hierdie petisies geword, hetsy blanko, hetsy geteken? -- Hlubi het dit gehad.

En dit het net so verdwyn? -- Ek stem nie daarmee saam dat hulle verdwyn het nie.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Geen kind het die oggend van die 3de enige petisies aan u kom oorhandig of by u huis afgelewer nie? -- Nie wat ek van gehoor het nie. Ek is vroeg daar weg, maar dit is voor enigeen ꞌn vorm daar gebring het.

Wel, as dit daar was, sou u dit seker daar gekry het? -- Ja, miskien het hulle vergeet. Ek weet nie.

Het enigiemand in die middag van die 2de by u petisievorms kom afgee? -- Nee.

Hoeveel petisievorms is ingehandig by die vergadering van die 2de wat op die 26ste al uitgedeel was? -- Volgens wat Hlubi vir my gesê het honderd plus was aan hom terugbesorg.

Op die 2de by die vergadering? -- Ja.

Maar nou, was daar net honderd plus uitgedeel op die 26ste? -- Nee, ek weet nie, maar dit was baie.

Dus, dan moet daar nog baie in omloop wees of êrens wees? -- Ek weet nie. Dit is moontlik. Dalk het hulle alles terugbesorg. Ek weet nie, maar dit is moontlik dat daar van die vorms iewers gebêre is.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat hierdie sogenaamde petisie, ek noem dit ꞌn sogenaamde petisie, was eintlik ꞌn rat wat julle voor die oë van die mense gedraai het, die ouer mense om ꞌn soort van ꞌn geloofwaardigheid aan al die vergaderings te gee? -- Nee, ek stem nie saam met u nie, want indien ons dit gedoen het, sou dit beteken ons maak onsself nie betroubaar aan die mense nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek stel dit aan jou dit is presies wat julle gedoen het. Julle het die ouer garde in daardie gemeenskap van jou bedrieg? -- Nee, dit is nie die manier waarop ek werk nie. Ek stem nie saam met die stelling nie.

En dit is die rede waarom daar hoegenaamd nie een enkele vorm van daardie petisie hier by die Hof is nie, omdat daar nooit so 'n vorm was wat uitgegee was nie? -- Dit is nie korrek nie. Die stelling wat u maak is nie reg nie, want u is daarvan bewus wat my toestand was sedert die 26ste tot en met die 3de en wat ook met my gebeur het op die 3de.

Dit wat met u gebeur het het absoluut niks met die saak te doen nie. Die kwessie gaan hier oor die vorms wat hoegenaamd nie bestaan nie? -- Dit het te doene met die vorms, dit het te doene met my lewe. Dit het te doene met wat ons daar gedoen het. As dit nie was dat dit te doene gehad het met alles nie, sou ek nie vandag hier gestaan het nie.

Ek wil nou met jou na iets anders toe gaan.

MR BIZOS : I have been waiting for this portion of the cross-examination to be completed in order to place something on record. If my memory serves me correctly it was on Thursday that the State put to this witness that the reason for the meeting of the morning of the 3rd was to take these petition forms and march with them to Houtkop and that was the reason why the meeting of the 3rd was arranged. I do not know on what evidence that allegation was put to the witness. We now have to face a completely contrary allegation put to the witness that the petition never existed. I would submit with the greatest respect that the very least that we as the defence are entitled to in relation to this petition is for the State to please make an election which - on

which/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

which of these two contradictory allegations it is going to rely, so that we can try and meet at least the one that it says it is going to rely on, but we do not have to try and disprove both allegations and I submit Your Lordship in charge of this trial should not or will not allow the State to just throw allegations into the wind in the hope that one or other of them will, even though they are contradictory, one or other of them, may be caught by the net somewhere along the line. If it has a case to put, let it make up its mind what its case is, so that we can deal with it.

MNR. JACOBS : Met alle respek, die stellings wat aan die getuie gemaak was oor daardie feit dat die Maandagoggend se vergadering sou wees dat daar geloop word na Houtkop en die stelling was gemaak op grond van getuienis van die beskuldigde dat hy gesê het - ek het nog genoem dat hy dit spontaan genoem het in die hof, dat daardie vorm - dit was getuienis van homself wat hy op ŉ sekere stadium gegee het, dat die Maandag sou daardie vergadering wees en dan moet daardie vorms daar gewees het en dan sou hulle weggeneem gewees het. Ek het nog daardie - as ek reg my getuienis onthou het ek dit aan hom gestel, sy spontane uitlating van die waarheid hierso, wat hy agterna weer betwis het. So, my steling was gebaseer op sy getuienis omtrent wat die Maandag sou gebeur het.

HOF : As u tog aan u hom stel dit is ŉ spontane uitlating van die waarheid, dan beteken dit u sê die waarheid het nou uitgeglip, die waarheid synde dat die petisies geneem sou word na Houtkop?

MNR. JACOBS : Dat daar geloop sou word na Houtkop. Ek het net ŉ ander deel bygevoeg.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Ja, maar as dit so is, dan is u saak Donderdag dat daar petisies geneem sal word na Houtkop en Maandag is u saak daar was nooit petisies nie. ŉ Mens kan nie op daardie basis litigeer nie. U weet, mnr. Bizos moet darem ook sy saak voorberei en hy moet getuies soek. Die een soort van benadering verg totaal ander getuienis as die ander soort van benadering. Ons kan nie koud en warm blaas in die saak nie.

MNR. JACOBS : Soos ek gesê het, ek het sy eie weergawe aan hom gestel.

HOF : Dan moet u aan hom stel "Wel, as jy reg is, ek sê nie jy is reg nie, maar as jy reg is, dan volg dit." Maar u kan dit nie aan hom stel "Ja-nee, die waarheid het nou uitgeglip, dit is nou die posisie" nie en dan Maandag ŉ ander lyn inslaan nie. Nou wat is die waarheid nou, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek sal dit in argument noem. Daar is heelwat dinge wat gesê was deur hierdie persoon ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Daar is baie dinge gesê, dit is so en u kan nou sy geloofwaardigheid in argument aanval, maar mnr. Bizos wil eintlik weet van u moet hy tien getuies bring om te sê "Ons het die petisies gesien"? Met ander woorde, moet ek hier sit en luister na tien getuies wat sê "Ons het die petisies gesien", terwyl u storie eintlik is "Ja, daar was petisies, maar die doel was om die mense na Houtkop te vat"?

MNR. JACOBS : Met alle respek, my submissie aan die getuie is dat hier het nooit ŉ petisievorm uitgekom nie, dit het nooit ter sprake gekom nie en my submissie is dat hierdie kwessie van die petisie was dan net ŉ bluf aan die ouer garde gewees. Ek sal daarby staan.

HOF : Nou maar goed. Mnr. Moselane, u het nie reg om

daarop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarop te antwoord nie. Dit is die advokaat wat met my gesels. Ons vra nie u kommentaar daarop nie. Gaan voort, stel die volgende vraag.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die Hof sê wat word bedoel met "oppression", onderdrukking? -- Onderdrukking is van toepassing op ꞌn persoon wat nie die reg het om iets te sê wat sy gevoel is oor ꞌn ding nie.

Kom ons maak dit net ꞌn bietjie meer toepaslik op hierdie saak. Wat is die onderdrukking waarna verwys word in die Swartgemeenskap? Wat se onderdrukking ondervind hulle? -- Dit is die gebruik van apartheid wat teenoor hulle uitgeoefen word omdat hulle nie self kan antwoord vir hulle regte nie.

As jy sê hulle kan nie antwoord vir hulle regte nie, wat bedoel jy daarby? -- Omdat hulle nie die reg het om ꞌn persoon te kies in hierdie land om namens hulle of ꞌn verteenwoordiger vir hulle te gaan wees in die parlement nie.

So, kom die onderdrukking dan daarop neer, is dit ꞌn gebrek aan stemreg, nasionale stemreg? -- Ja, dit is die grootste wat almal behoort te hê.

Wat nog? Is daar nog iets by wat onder onderdrukking val behalwe dat hulle nou nie stemreg het nie? -- Alles wat uitvloei vanaf die apartheid se uitoefening, is onderdrukking.

Sal jy sê dat die Swart plaaslike besture se instelling is ꞌn deel van onderdrukking? -- Ja.

Kan jy nog voorbeelde noem, wat is voorbeelde wat voortvloei uit onderdrukking?

HOF : Kan ons net duidelikheid kry, waarom sê u so? -- In die sin dat Swartmense het net die reg om verkiesings te hou met betrekking tot hierdie Swart plaaslike besture. Dit is



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die hoogste wat hulle kan verkies en terwyl die Blankes die reg het om die provinsiale raad te gaan kies, die reg het om enigiets te kies wat betrekking het op hulle.

Is dit al verduideliking? -- Ja, dit is hoe ek dit verstaan.

Maar daar was tog oorspronklik niks nie. Nou is daar ŉ plaaslike bestuur ingestel wat by wyse van stemreg verkies word. Hoekom is dit onderdrukking? -- Wat my betref is dit onderdrukking in die sin dat ons is almal van die Here se oorsprong hierso teenwoordig en ons is volgens die Here almal gelyke persone. Enige wet wat toegepas word wat oor apartheid gaan is sonde.volgens die Here.

So, u sou sê wanneer daar niks is en daar word iets geskep, dan is dit onderdrukking. Is dit meerdere onderdrukking of is dit nog dieselfde onderdrukking? -- Wat my betref is dit onderdrukking in die sterkste sin van onderdrukking. Ek sal u sê hoekom sê ek so. Enigiets wat God nie toelaat dat dit uitgeoefen word teenoor ŉ persoon wat God gemaak het, is, wat my betref, onderdrukking.

Laat ek u ŉ ander voorbeeld gee. Gestel daar is in ŉ Swartgemeenskap nie ŉ hospitaal nie en daar word nou ŉ hospitaal gebou, maar dit is ŉ Nie-Blanke hospitaal, is dit onderdrukking? -- Dit is apartheid in die sin dat aparte persone word daar bedien en volgens die Here is ŉ persoon ŉ persoon, daar is geen aparte plek wat gemaak word vir aparte persone nie.

Met ander woorde, solank daar ŉ apartheidstruktuur is oor alles heen, wat ook al gedoen word ter verbetering van die toestande van die Swartmense in die land, bly onderdrukkend? -- Nie op daardie manier nie. Ek praat van die

onderdrukking/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onderdrukking waar daar ŉ verskil gemaak word tussen persone. Dit is die tipe onderdrukking wat ek van praat. Wat ek dan sê is, die Here het hier gesê "Ek maak mense en dit is mense". Hy het nie gesê "Die mense wat Ek gaan maak gaan verskil van kleur nie. Dit doen Ek vir daardie mense van daardie kleur en dit doen Ek vir daardie mense van daardie kleur nie."

So, as daar ŉ swembad gebou word in ŉ Swartbuurt en dit is omdat dit ŉ Swartbuurt is net vir Swartes, is dit onderdrukking? -- Ek verstaan nie hoe u dit stel nie, maar soos ek alreeds gesê het, my punt wat ek maak is, daar moenie iets gedoen word en dan moet dit gesê word vir watter ras dit bedoel is nie. Dan is dit onderdrukking.

Nee, dankie, ek begryp wat u bedoel nou.

MNR. JACOBS : Wie is die onderdrukker? -- Ek praat van die onderdrukking.

HOF : Nee, nee, die vraag is "Who is the oppressor"? -- Dit is die wet wat die onderdrukking toepas. Ek praat van die apartheid wat ŉ sonde is.

MNR. JACOBS : As jy praat van die wet wat dit toepas, is dit nou die Staat wat die wette toepas? -- Wat bedoel u met die Staat? Verduidelik eers dit vir my.

Weet jy wat is die Staat? -- Ja, volgens wat ek verstaan dit is.

HOF : Nou wat verstaan u onder Staat? -- Die Staat is ŉ instituut, dit is nie ŉ persoon nie, wat bestaan uit die polisie, die hof, dit wil sê die howe soos ons nou vandag in die hof is. Dit is nou die voorbeelde wat ek wou genoem het onder daardie voorwerp. Daar is nog ander, maar dit is die twee wat ek wil noem.

Bedoel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Bedoel u verskillende departemente van die Staat? -- ja.

So, ons kan voortgaan en sê die verdedigingsmag, die Departement van Volksgesondheid ensovoorts? -- Ja, die gevangenisse ensovoorts. Dit is nie ŉ persoon nie.

MNR. JACOBS : Maar die Staat is ook dan die Regering en die verskillende vertakkings van die Regering? -- Ja, dit is hoe ek dit sien. Al is nie so goed op hoogte met dit wat ek nou sê nie, verstaan ek dat die Regering het ŉ beheer wat deur die Regering uitgeoefen word in die verskillende Staatsdepartemente.

Word onder die onderdrukking ook ingesluit die mense soos die tuislandregerings? -- Ek verstaan nie wat is u vraag nie, want ek het hier gesê apartheid is eintlik die sonde wat gebring word en die sonde wat gebring word is eintlik die oorsaak van die onderdrukking. So, alles wat onder die sonde val, wat die apartheid uitoefen, is ŉ gedeelte van die sonde wat ek van praat.

En daarvolgens, volgens daardie definisie van jou is ook die tuislandregerings deel van die onderdrukker? -- Dit is nie wat ek sê nie, maar as dit nou bestaan as gevolg van hierdie doen en late wat nie deur God toegelaat word nie om daar te wees tussen die mense, bestaan dit uit die onderdrukking.

Wat toegepas word deur die Regering? -- Daar is iets wat gedoen word in die land van ons deur die persone wat in beheer is in die land wat veroorsaak dat dit moet bestaan.

Is dit die Regering wat jy nou na verwys wat in beheer is van die land? -- Dit is die beheer wat in hierdie land bestaan.

HOF : Die beheer is in die hande van die Regering of is

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit in beheer van iemand anders? -- Ja, ek sê dit is in die hande van die Regering.

MNR. JACOBS : En die liggame wat in beheer is van die tuislande, daardie tuislandregerings, is deel van die onderdrukking en onderdrukker? -- Ek verstaan nie u vraag nie. Sal u die vraag asseblief vir my verduidelik?

Die tuislandregerings wat saam met die Regering werk in die tuislande is deel van die onderdrukkers en die onderdrukking? -- Watter Regering?

Die sentrale Regering? -- Maar daardie regerings is mos onafhanklik, is dit nie waar nie?

HOF : Ons praat nie van die onafhanklike state nie, maar van die tuislande, "homelands"? -- Verstaan ek u vraag reg? Dat die tuislandregering werk saam met die sentrale Regering van die land?

Ja? -- Sal u dan die stelling aan my ten volle herhaal sodat ek mooi kan verstaan wat edie vraag is?

MNR. JACOBS : Sover as wat jy nou gegaan het en vir daardie rede is die tuislandregering deel van die onderdrukker en deel van die onderdrukking? -- Nee, nee, nee. U moenie in u stelling sê die Regering is die onderdrukker nie. Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek sê apartheid is die sonde en deur uitoefening van apartheid neem ŉ persoon deel aan die onderdrukking en die onderdrukking wat ek sê uit die apartheid vloei, is nie deur God aanvaar nie, want God, toe Hy die mens gemaak het, het Hy die mens gemaak dat hulle ewe werd is vir Hom.

Ons hardloop net in sirkels. Jy het nou al vir die Hof gesê die sentrale regering wat apartheid toepas is ook deel van die onderdrukking ... (Hof kom tussenbei)

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Kan ek dit anders stel? U werk met die begrippe sonde en sondaar? -- Ja.

As apartheid die sonde is, wie is die sondaar? -- Die mense van hierdie land, want dit is nou die sonde wat presies hulle self verdeel het en die verdeling wat hulle nou uitoefen is die sonde wat hulle veroorsaak en die Here hou van almal van hulle.

Laat ons nou net by die punt bly. Sê u uself is ŉ sondaar wat apartheid betref? -- Ja, want kyk, ek is ŉ sondaar want ek is in hierdie land waar die mense sondaars is omdat hulle sonde pleeg voor die Here.

U sê apartheid is onderdrukking? -- Ja, dit is onderdrukking, dit is sonde.

Waar daar onderdrukking is, is daar ŉ onderdrukker? -- Ja "by virtue of being a human being."

MNR. JACOBS : Jy is ŉ aanhanger van "Black Consciousness"? -- Ek het ŉ sekere kennis opgedoen wat betref die "Black Consciousness."

Kom ons vat sommer die ding direk. Jy was ŉ lid van SASO, ŉ "Black Consciousness" organisasie? -- Ja, by die kollege.

En jy het geleer dat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net daar duidelikheid kry, want dit is heeltemal oopgelaat in u hoofgetuienis. Daar is in hoofgetuienis gesê ons sal hoor wat u standpunt destyds was en wat u standpunt nou is. Ek het nog nie gehoor wat u standpunt nou is nie. Wat is u standpunt nou ten aansien van die begrip "Black Consciousness"? -- "Black Consciousness" is iets "dynamic". As gevolg daarvan, met die ontwikkeling wat dit neem, is ek nog met die "Black Consciousness". Ek gaan nog apart

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met die nuwe ontwikkelings... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Jy gaan nog akkoord? -- Ek gaan nog akkoord met die nuwe ontwikkelings van die "Black Consciousness".

MNR. JACOBS : Jy is nog steeds ʼn aanhanger van Swartbewussyn? -- Ja, maar u moet nou net nie vergeet dat die Here speel nog ʼn belangrike rol in my lewe en die kerk waaraan ek behoort se prosedure met wat gedoen moet word is ook van belang in my lewe.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat is die verskil tussen "Black Consciousness" soos wat hy nou dinamies ontwikkel het en soos wat u dit vandag verstaan en apartheid? -- Apartheid, sover as wat ek dit kan sien, is besig om mense apart te hou soos dit nou gesê word dat daar apartheid is. Wat die "Black Consciousness" betref , dit is hoe ʼn Swartpersoon die lewe moet sien met betrekking tot daardie persoon self.

Hoekom juis ʼn Swartpersoon? As ʼn Swartpersoon hom as persoon dan anders moet sien as ʼn Witpersoon, dan is dit ook mos maar weer apartheid? -- Die verskil is dat ʼn Witpersoon het baie privilegies. Hy het baie voorregte. Hy het baie dinge wat eintlik aan hom toegeken is in hierdie land. As ek nou praat van ʼn Witpersoon en ʼn Swartpersoon, is dit wat die rol speel om die verskil te kan sien tussen die twee. Alhoewel dit so is, moet ons nog altwee sien soos mense.

HOF : Daar is Swartmiljoenêrs en Witmiljoenêrs, meer van die een as van die ander, het ek gehoor, ek weet nou nie, maar sou die bewussyn nou net geld vir die Swartmiljoenêr en nie vir die Witmiljoenêr nie? -- Ek weet nie hoe die Hof dit nou stel nie. Ek volg nie die vraag van die Hof nie.

Die kern van die vraag was waarom die klem op Swart-

bewussyn/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bewussyn. Waarom nie bewussyn nie? -- Dit word sterk gestel aan ʼn Swartpersoon omdat ʼn Swartpersoon ondermyn is. So, die Swartpersoon moet toesien dat hy homself uit daardie ondermyning te kry. Ek sal ʼn voorbeeld maak met die Hof self. Sê nou byvoorbeeld in die ou dae, dit is in die jaar 1984 dat ek saam met die Hoflede hier in die dorp gestap het, terwyl ek gekleed is soos ek nou gekleed is en die Hoflede stap saam met my daar, sonder dasse aan, ek sal gearresteer word vir ʼn bewysboek, terwyl die Hoflede sonder dasse aan, nie daarvoor gevra sal word nie. Wat ek dan daarmee sê is dat omdat daar sekere dinge is wat in my is, wat veroorsaak dat ek ondermyn word, moet ek iets daaromtrent doen dat ek nie ondermyn word nie.

As u praat van ondermyn, mnr. Die tolk, bedoel u onderdruk of bedoel u iets anders?

TOLK : Nie onderdruk nie.

HOF : Nie onderdruk nie, ondermyn?

TOLK : Nie onderdruk nie, ondermyn.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ek net nog hierdie puntjie met u ʼn stappie verder neem, asseblief. Dit is seker goed dat ʼn mens bewus is dat jy iets moet doen aan die situasie waarin jy is? -- Ja.

Maar as u praat van Swartbewussyn, "Black Consciousness",. dan spreek dit net die Swartman aan oor die situasie van die Swartman? -- Ja.

Hoekom nie al die mense van die land aanspreek oor die situasie van al die mense van die land nie? -- Ja, u is reg, u sê self die situasie waarin ʼn mens homself bevind is ʼn ding om na te kyk wat belangrik is alvorens ʼn mens nou bewus word van iets wat hy moet doen. Met die gevolg sê ek,

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit is nie vir my om nou al die ander mense se situasie na te kyk alvorens ek my eie situasie reggestel het nie.

<u>HOF</u> : Dus, u moet eers u eie situasie regstel en dan na die ander situasie kyk. Is dit wat u sê? -- Ja, dit kan miskien gelyktydig gedoen word, maar dit sal raadsaam wees dat ŉ persoon eers sy eie situasie na kyk en dit regstel alvorens hy na die ander man se situasie gaan kyk.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Dan nog net een puntjie. Hoe wil die Swartman sy eie situasie regstel? Ek praat van uself. Die vraag aan eintlik oor uself. Hoe sien u dit? Hoe kan u u eie situasie regstel? -- Wat my betref, my gevoel is dat ek moet in staat wees om te kan sê wat ek verwag die ander persoon my moet sien of beskou in daardie situasie.

<u>HOF</u> : Maar u sê mos u sê? -- Ek moet selfvertroue hê. Ek moet in staat wees om myself te kan beskou as ŉ persoon en daardie beeld aan die ander persoon gee.

Is u standpunt dat daar geen Swartpersone is met self - vertroue nie? -- Ja, dit is so. Ek kan vir u ŉ voorbeeld gee indien dit toegelaat word.

As dit u punt wil illustreer, ja. -- Byvoorbeeld, daar is sekere mense wat hierdie gevoel het, dat hulle nie geregtig is of die reg het om ŉ deel te word van die parlement in hierdie land nie. Dan vind jy die ander, byvoorbeeld die Blankes wat hierdie gedagte het dat ŉ Swartmens behoort nie in die parlement van hierdie land te wees nie. Dit is nou wat aanduiding gee dat daar ŉ ondermyning is tussen die mense.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Dit gaan nou net oor die kwessie van hoe. U het nog nie vir my gesê hoe u graag sou wou te werk gaan om te bereik wat u graag wil hê nie? -- Wat my

beheer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beheer met betrekking tot daardie feit is dat ek as ŉ priester, as ŉ predikant, wat sê die Bybel, wat sê die Here, hoe moet ek te werk gaan om dit te kan bepaal wat ek moet doen. Ek moet dit eers insien.

HOF : Nou het u nog nie die vraag beantwoord nie. -- Wat ek sê is dat dit gaan alleenlik oor wat die Bybel sê wat gedoen moet word. Moet die persoon soos ek, die figuur wat
K763 die Here gemaak het wat moet bestaan, hoe moet daardie figuur behandel word. Hoekom ek dit noem sal ek nog ŉ voorbeeld gee. ŉ Mens vind dat ander persone sal altyd sê as daar iets is wat hulle moet oplos wat hulle pla, wat sal ons maak? Dan laat hulle dit daar, in plaas van te soek om ŉ rede te vind of ŉ oplossing daarvan te vind en dan sê die persoon ek laat dit maar daar en dan gaan hy homself besig hou met drank. Dan gee hy nie aandag aan die probleem wat hy daar gelaat het nie.

Ja, maar u het nou nog nie die vraag beantwoord nie. Die vraag is hoe wil u te werk gaan om te bereik wat u wil hê en wat u wil hê is algemene stemreg? -- Ja.

Sê nou vir ons? -- Ek maak ŉ beroep om dit te bereik en sê dit moet bekend word dat die Here sê apartheid is sonde.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Goed, ek kan dit begryp, maar daar is nou meer as een manier oop sekerlik om die situasie wat op die oomblik bestaan te omskep in ŉ ander situasie. -- Ja.

Een metode is sekerlik om te bid vir wat ŉ mens wil hê? -- Ja.

Maar die vraag gaan eintlik oor wat ons in die land moet doen, met gebedagtergrond en alles wat daarmee saamgaan, om dit te bereik? Hoe wil u dit bereik en watter beswaar het u daarteen dat dit bereik word deur middel van ontwikkeling

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van dag tot dag met intensiewe beplanning tussen al die mense van die land? -- My siening is dat met die beëindiging van die apartheid se praktyk, dan sal ek aanvaar dat ons almal ewe werd is op hierdie land. Dit beteken dus dat daar geen ondermyning is nie.

Is dit al? -- Ja, dit is al. Dit is al in antwoord behalwe dat ek nog verder kan sê dat apartheid is eintlik wat die belangrikste rol speel wat ek genoem het as ŉ sonde wat die Here nie wil hê nie.

Dus ŉ voorvereiste, voordat u bereid is om saam te werk om apartheid te beëindig, is dat apartheid beëindig moet word? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is dat om ŉ goeie samelewing te kan hê om ŉ goeie stap te hê in dit wat gedoen word in die ontwikkeling, is apartheid die eerste wat uit die weg gekry moet word. Dan sal daar in die meerderheid iets groot verwyder wees wat eintlik in die pad was van die samelewing van mense.

Ons het nou gepraat oor die verskil tussen Swartbewussyn aan die een kant en apartheid aan die ander kant, soos u dit sien. Wat van "Black power"? -- Sover as wat dit betref ken ek dit as iets wat in Amerika plaasvind.

Kom ons stel dit dan anders. Wat van "Black power" as ŉ faktor van Swartbewussyn in Suid-Afrika? -- Nee, dit kan nie gedoen word nie. "Black power" is van Amerika en die Swartbewussyn is van Suid-Afrika. So, om daardie rede kan die twee nie saamstaam nie.

U is seker bewus daarvan dat die sogenaamde Amandla Awethu saluut wat u van weet wat ons al baie gedebatteer het in die hof, ook bekend staan as die Swartmagteken? -- Amandla Awethu, soos dit uitgeroep word deur die mense

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal ek sê ek verstaan dit as ŉ slagspreuk wat gebruik word deur die mense wat vra vir ŉ verandering wat almal aanvaar vir die samelewing in hierdie land, mense wat wil hê dat apartheid op ŉ end moet kom. Ek sal sê hulle doen dit met die oog daarop om hulle solidariteit te bewys.

Dit beteken tog mag aan die mense, nie waar nie? -- Ek stem nie saam nie, ek weet nie, maar as daar eenheid gevorm is, dan is daar ooglopend outomaties mag. So, ek kan nie verstaan hoe u dit stel en in watter sin u dit so stel nie.

HOF : Ken u die Zuluwoorde Amandla Awethu? -- Ja.

Wat beteken dit? -- Unity is Strength.

Dit is nie die vertaling van daardie woorde nie? -- Daar is twee verskillende verduidelikings van daardie woorde. ŉ Letterlike vertaling en ŉ vertolking daarvan.

Ek vra u wat is die vertaling daarvan? -- Ek ken dit as om die volgende te beteken "Unity is strength."

Letterlike vertaling? -- Ek het ŉ vertolking daarvan gegee.

As ek u ŉ letterlike vertaling vra, dan vra ek u vir ŉ letterlike vertaling. Wat is ŉ letterlike vertaling? U het gesê u ken Zulu? -- Power is ours. Dit is ŉ rou vertaling daarvan.

Wie is die "ours"? -- Ek weet nie.

O, u weet nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ek wil net die debat met u graag voltooi oor hierdie begrippe. Ons het gepraat van Swartbewussyn, van apartheid, van Power is Ours, dit is dinge wat ons hier op videofilms in die hof gesien het en waaroor daar gepraat is en waaroor daar gedemonstreer is en waaroor daar vergadering gehou is. Ons het ook gepraat oor die

beëindiging/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beëindiging van apartheid en die maniere waarop dit kan plaasvind. Hoe sien u die verband tussen Amandla Awethu en die beëindiging van apartheid as ŉ metode vir die beëindiging van apartheid, indien enige? -- Ek sal graag die Hof wil vra om my mooi te verstaan. Ek is nie ŉ politikus nie, ek is ŉ predikant. Wat ek verduidelik, verduidelik ek volgens God se Woord. Dus wat ek aan my gemeente oordra, is wat ek verstaan volgens die Goddelike dienste en wat ek as ŉ boodskap het om oor te dra aan die mense, dat hulle dit moet verstaan. As ek dinge doen, doen ek wat gedoen moet word volgens die Bybel, volgens die Woord van die Here en volgens die siening van die Bybel. As ŉ Christelike leier is dit my uitgangspunt.

Ek begryp dat dit u uitgangspunt is, maar oor die vraag of u ŉ verband sien tussen Amandla Awethu en die beëindiging van apartheid, dat dit ŉ metode is vir die beëindiging van apartheid, daarop het u nog nie geantwoord nie? -- Ek mag miskien nie duidelik wees met die vraag nie, maar ek sê apartheid bring die ondermyning tussen die mense. Dit is kortliks wat ek verstaan wat veroorsaak word deur die apartheid se praktyk, maar hoe dit nou betrek kan word met Amandla Awethu (getuie noem dit in Sotho) verstaan ek nie wat die verhouding is tussen die twee nie, want ons lewe is nie net Amandla Awethu nie. ŉ Mens moet die hele lewe as geheel in die algemeen sien en dit dan kan oorweeg met die apartheid. ŉ Mens kan nie net sê omdat een persoon hierdie slagspreuk uitgeroep het en gesê het Amandla Awethu, nou moet ŉ mens Amandla Awethu met die beëindiging van apartheid vergelyk nie.

So, sien u geen verband daarin nie? -- Ek verstaan nie

hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hoe u dit verbind nie.

Dit is op al die videos wat ons gesien het verbind in die sin dat die mense op die vergaderings skreeu met die opheffing van vuiste Amandla Awethu? Of Matla en dit gaan oor hierdie vergaderings oor die beëindiging van apartheid, oor die eise wat gestel word en so meer? -- In antwoord daarop sal ek sê wat in die jaartal 1984 gebeur het by my kerk, is dit wat deur middel van een video hier in die hof vertoon is. U vraag is bepaal op die verskillende videobande wat vertoon is hier in die hof wat nie betrekking het op my kerk nie. So, met ander woorde, ek het niks daarmee te doen gehad nie. Ek het net dit hier in die hof gesien toe dit vertoon is.

Wanneer u praat van beëindiging van ondermyning, bedoel u eintlik die beëindiging van ongelyk tussen mens en mens? -- Voor die Here, ja.

Dan ook in die praktyk? -- Hoekom ek sê voor die Here, ja, byvoorbeeld ek is 'n priester, wat beteken ek is 'n predikant en ek het 'n biskop bokant my in rang. So, dit kan net nie in die algemeen in die praktyk so wees nie. Daar behoort iemand te wees wat 'n hoër rang beklee.

HOF : Nee, die vraag het gegaan oor die woord ondermyning is gebruik en ons het nie 'n presiese begrip van wat u bedoel met die woord ondermyning. Kan u net vir ons 'n ander woord gee of 'n sinoniem of 'n verduideliking van die woord ondermyning? -- Daarby bedoel ek dat 'n mens moet hom nie self onderskat nie, want die Here het almal gegewens gegee waarop 'n mens homself kan steun. Dus is dit nie reg vir een om te dink hy is beter as die ander een nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net 'n bietjie duidelikheid kry oor

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die begrip ondermyning, want ek het self probleme met die begrip. Bedoel u daarmee dieselfde as onderdrukking of bedoel jy heeltemal iets anders as onderdrukking? -- Ek sal nie sê dat die een gebruik kan word as 'n vervanging van die ander een nie, maar wat ek wel kan sê is dat as 'n persoon homself onderskat, is daardie persoon besig om homself te onderdruk, want die persoon sien homself as minderwaardig in vergelyking met ander mense en as 'n persoon hom self hoog stel en hoogmoedig hou, is dit nog 'n manier van onderdrukking in die sin dat die persoon homself nou soos God sien oor die ander teenoor wie hy homself hoog stel.

So, met ander woorde, jou voorbeeld, toe jy die eerste keer die woord ondermyning gebruik het, is waar jy in die straat sou loop met jou kleredrag wat jy nou by die hof aan het en jy sou gearresteer word vir 'n bewysboek, is dit onderdrukking ook volgens jou definisie? -- Ja. In die sin kyk, die mense wat my arresteer, sal nie belangstel om te weet wie ek is nie. Al wat hulle na kyk, hulle sien dit is 'n Swartmens, nou ja, hy moet gevang word vir 'n bewysboek. So, die res wat saam met hom is Witmense, so hulle behoort nie gevra te word vir bewysboeke nie.

En verstaan ek jou dan ook reg dat onderdrukking en ondermyning beteken presies dieselfde behalwe dat ondermyning ook nog 'n bietjie verder gaan en sê jy moet selfrespek ook hê? -- Onderdrukking word eintlik gebruik in breë trekke op die apartheid. Ondermyning kan te enige tyd gebruik word. Ek kan myself ondermyn teen ander dinge ook, nie net apartheid nie.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG.</u> <u>HOF HERVAT.</u>

TEBOGO/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : Could I ask Your Lordship for leave to uplift Your Lordship's bail application papers in order to do a consolidated index or a consolidation pagination, because a replying affidavit has just been put together with its annexures.

COURT: Would there not be further papers from the State in view of the lapse of time? Because you are adding further papers, it seems to me.

MR BIZOS : No, we are replying to their allegations, but any way this is something that they will have to consider. We confine ourselves merely to .. (Court intervenes)

COURT : Well, have you not got a copy of their papers? Do you want to number the pages?

MR BIZOS : What we want to do is to do a consolidated index so that it runs van 1 to 50 or whatever the ... (Court intervenes)

COURT : Will you number the pages or will you do an index because the documents you have?

MR BIZOS : Both.

COURT : Very well, get them from my registrar.

MR BIZOS : We want to do both on Your Lordship's copy so that when the matter is argued, then we do not have to refer to annexure D(f)(iii).

COURT : So, we are going on on the original papers? There would not be a new application?

MR BIZOS : It is not a new application. We confine ourselves to replying to the State's answer and what we are going to do is, on the question of - I might as well mention it now - a state of security, this is a matter which varies possibly

from/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

from week to week or from month to month or from day to day. We are going to submit to Your Lordship that Your Lordship is not living in a vacume and Your Lordship can assess the situation. Any way this will be our submission in relation to the present state of the land, but be that as it may, the State can advise itself what it wants to do. What we are hoping is to put these papers together, paginate them, ask the State what its attitude is in view of the present security situation and if it is going to be argued, what we would like Your Lordship to indicate is a date on which the argument ought to take place.

COURT : Any time that suit you, Mr Bizos. As long as we do not get jammed into the date on which we want to adjourn.

MR BIZOS : No, we are hoping to do it before that. I do not know that Your Lordship would want to interrupt the witness for that purpose?

COURT : I would rather not.

MR BIZOS : We thought that that would be the position and also we thought that Your Lordship's assessor had a copy of the papers, although he is not a party to it.

COURT : They did not get any.

MR BIZOS : The State says that they handed in three copies at that stage.

COURT : No, what happened is, you did not give the assessors any documents. So, when the State tendered us theirs, I said no, the assessors do not have the application itself, so do not give them the State's.

MR BIZOS : No, I think that it would not be correct if we have a member of the Court as mere spectator, even though the decision is not members of the court - can we make arrangements



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

for another copy to be ... (Court intervenes)

COURT : Yes, I would appreciate it and then My Learned Assessor can in any event follow what is going on.

MR BIZOS : That is so. So, if we could uplift it, we will have for Your Lordship a completely indexed and paginated document together with the reply which will be served on the State very shortly.

COURT : Very well.

MNR. JACOBS : As die Hof my net sal toelaat om iets hierop te sê. Soos ek mnr. Bizos nou net verstaan het, blyk dit dat die huidige noodtoestand gaan in belang wees. U sal onthou ons het ons papiere omtrent ses maande gelede ingehandig. Dit was ŉ baie lang tyd terug gewees al en oor daardie tydperk en wat gebeur het, ek weet nie, ons het nou nog nie gesien wat is die antwoorde nie, dit sal seker vandag hoop ek aan ons gegee word, maar ek wil net dat mnr. Bizos goed verstaan dit is dan blykbaar ŉ nuwe feit wat nou bygevoeg word die huidige toestand en ons sal uit die aard van die saak daarna ondersoek moet instel.

HOF : Wel, as ek ŉ borgaansoek moet beoordeel, moet ek dit beoordeel soos dit nou is en nie soos dit ses maande gelede was nie.

MNR. JACOBS : Dit is daarom wat ek sê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek moet gegewens voor my hê soos dit nou is en verklarings soos dit nou is.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : As ŉ man ŉ mening ses maande gelede uitgespreek het, dan weet ek nie of dit nou nog sy mening is nie.

MNR. JACOBS : Dit is daarom wat ek sê mnr. Bizos moet net in gedagte hou dat juis op die feit dat hoekom die toestand

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat nou heers behandel sal word, sal die Staat sekerlik tyd nodig hê. Ek kan nie sê uit die vuis uit sommer dit gaan nie nodig wees nie, maar daar word nuwe feite blykbaar voorgelê waarop daar geantwoord sal word. Ek waarsku net vir mnr. Bizos dat hy dit in gedagte sal hou en dat hy ook vir ons daardie goed betyds gee dat ons kan begin om te sien wat is daar en dat ons kan optree daarvoor.

HOF : Goed, alle waarskuwings synde gegee.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek dink die punt wat ek gemaak het en waarop jy toe geantwoord het is dat jy as ŉ ondersteuner van "Black Consciousness" - dat jy ŉ ondersteuner van "Black Consciousness" was op die tyd van SASO toe dit ontstaan het en ook soos dit dinamies ontwikkel het tot nou toe? Dit was jou getuienis. Is dit korrek? -- Ja, dit is so, maar u moet nou in gedagte hou dat destyds was ek nog ŉ student gewees. Ek is nou vyftien jaar ŉ predikant na ek die kollege verlaat het. U moet ook in gedagte hou dat ek gesê het soos die Swartbewussyn nou staan, val ek meer aan die kant van die "Black theology."

Ja, maar stem saam, jy is ŉ ondersteuner van die Swartbewussyn soos ontstaan het in jou studentedae en soos jy dit self genoem het soos dit dinamies ontwikkel het tot vandag toe? Dit is al. Dit is net ja of nee? -- Ja.

En dan is jy, soos jy tereg nou-nou gesê het, ŉ ondersteuner van Swartteologie? -- In die meerderheid, ja.

HOF : Wat bedoel in die meerderheid? -- Daarby bedoel ek, die meeste van die tyd is my belang by wat sê die Swartteologie. Dit beteken dus daar is ŉ verskil tussen Swartbewussyn en Swartteologie.

MNR. JACOBS : En is ek reg dan dat jou getuienis was ook



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewees dat daar is eintlik nie ŉ basiese verskil tussen Swartteologie en Swartbewussyn nie? -- Ja, maar daar is ŉ verskil.

Ja, ek gaan dit aan jou stel en dan kan jy vir my sê of ek reg is. Behalwe dat hulle Swartteologie, Swartbewussyn aanval, in dié sin dat Swartteologie uitgaan van die standpunt dat die Skepper, ŉ God van bevryding is, ŉ "God of Liberation"? -- Ja.

En die bevryding wat die Skepper moet bewerkstellig is die bevryding van apartheid? -- Ja, die Here is mos die Vryheidsteller.

Jy was en is nog altyd op hoogte met die inhoud van die beleid van Swartteologie en Swartbewussyn? -- Ja. U moet net nie uit die oog verloor nie dat dit nog verder ontwikkel word.

En volgens hierdie beleid en siening van Swartteologie en Swartbewussyn en wat jy aanhang, is daar onderdrukking van die Swartmense? -- Wie sê so?

Dit is volgens die beleid, volgens die siening en volgens alles van Swartbewussyn en Swartteologie van die eksponente daarvan? -- Ja.

Met ander woorde, die Swartmense is die onderdruktes? -- Ja.

En die onderdrukkers is die regering van die land? -- Apartheid is die onderdrukker. Ek het gesê dat apartheid maak dat die mense die onderdrukking aanvaar en apartheid veroorsaak dat mense onderdruk word. Dit wil sê apartheid gesien as sonde. Ek het dit soos volg verduidelik. Diegene wat toelaat om onderdruk te word, sowel as diegene wat onderdruk is dieselfde in die sin dat hulle beide sondaars is.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die een in die sin dat hy toegelaat het om onderdruk te word en die ander een dat hy homself toelaat om ŉ onderdrukker te wees.

HOF : Dus die onderdrukte moet die juk van die sonde afwerp? -- Herhaal dit?

Wel, ek het nie begryp wat u gesê het nie, moet ek eerlik vir u sê. U sê die mense wat onderdruk word en die onderdrukkers is almal in die sonde van apartheid?

MR BIZOS : No, what the witness said, the person who allows himself to be oppressed.

HOF : Ja, dié wat toelaat dat hy onderdruk word en die onderdrukker is almal in die sonde van apartheid? -- In antwoord sê ek, die een wat toelaat dat hy onderdruk moet word, en die een wat toelaat om ŉ onderdrukker te word van die ander een, die twee van hulle neem deel in die sin dat hulle toegelaat het om in die twee posisies soos deur my uiteengesit deel te neem.

MNR. JACOBS : Ek wil weer aan jou herhaal. Dit is nou ŉ rede wat jy gee, maar die siening en die beleid van die Swartmagbewegings en Swartteologie ondersteuners is ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : "Swartmag" has been rejected by the witness.

MNR. JACOBS : Dan sal ek sê Swartbewussyn. Swartbewussynsbewegings en die Swartteologie bewegings is dat - kom ek vat dit nou om dit vir jou duidelik te maak, die Swartmense word onderdruk. Hulle word onderdruk deur apartheid en die mense wat verantwoordelik is vir apartheid en wat die onderdrukker is en wat apartheid toepas is onder andere die regering? Is dit reg? -- Nee. Laat ek dit so stel. Apartheid is die ideologie en as dit nou so daar staan as ŉ ideologie

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en ꞌn persoon stem saam met die ideologie, sal die persoon wat die ideologie aanvaar, veroorsaak dat die ideologie as sy god beskou word. Dit is ꞌn sonde om iets te aanvaar en dan te glo daaraan, want die Here sê moenie glo aan die ander dinge nie, behalwe Homself, Hy alleen. Dit is om daardie rede wat ek sê apartheid is ꞌn sonde volgens ons kerk.

Ek wil nie van jou weet of apartheid ꞌn sonde is en of hy nie ꞌn sonde is nie. Kom ons aanvaar vir die doeleindes van my vraag apartheid is ꞌn sonde. Daar staan hy, dit is ꞌn sonde. Nou sê ek volgens die Swartbewussynsorganisasies en Swartteologie se beleid en siening is die mense wat die sonde toepas die regering. Hulle is die onderdrukkers as eksponente van apartheid? -- Wat ek sê is dat die voortsetting van apartheid gaan voort omdat daar persone is wat daaraan glo, dit wil sê in daardie ideologie. Die regering, volgens my mening, bestaan nie net uit die mense wat die apartheid aanvaar nie. Daar is van die mense wat in die regering dien wat nie apartheid aanvaar nie. So, ek vind dit ꞌn bietjie moeilik as ꞌn mens dit aan my stel dat die regering - die regering in die algemeen wat my betref kan nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Ek verskil net van daardie klomp mense wat sê apartheid word deur God aanvaar. Ek sê nee, dit is nie so nie.

Kan jy net - stem jy saam in die Swartbewussynsorganisasies word die mening gehuldig en is die standpunt ingeneem dat die regering is die onderdrukker onder andere? -- Ek vind dit ꞌn bietjie moeilik, want ek is nie ꞌn lid van hierdie organisasies wat u na verwys in u vraag nie. As ek nou moet verduidelik wat die standpunt is van organisasies soos

deur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

deur u beskryf word hier, dan sal ek sê ek weet nie wat die standpunt is van daardie organisasies nie.

Was dit altyd die standpunt van SASO gewees dat die regering is die onderdrukker? -- Nee.

Ons sal daarby terugkom. Kan ek dit vir jou so stel, dat daar ŉ stryd gevoer word onder die Swartmense teen apartheid en teen die regering en sy mense wat saam met hom is, die stryd deur die Swartmense.

HOF : Al die Swartmense?

MNR. JACOBS : Deur van die Swartmense? -- Verduidelik ŉ bietjie. Ek verstaan nie wat u daarmee bedoel nie. Ek het aan u gesê ek praat hier in my getuienis as ŉ priester wat glo aan die Woord van die Here en die Bybel wat sê apartheid is sonde. Ek is daarvan bewus dat daar wel organisasies is byvoorbeeld soos PFP wat gekant is teen apartheid. Dit beteken nie dat hulle nou teen die regering is nie.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? Ek het gesê dat is dit nie so nie dat onder die meeste Swartmense word daar dan ŉ stryd gevoer teen apartheid en die regering?

HOF : Is dit die Staat se saak?

MNR. JACOBS : Nie heeltemal nie.

HOF : Dat onder die meerderheid Swartes in die land ŉ stryd gevoer word teen die regering?

MNR. JACOBS : Ek stel net hierdie stelling aan hom.

HOF : U kan nie ŉ stelling maak wat wegloop van werklikheid of van wat u saak is nie.

MNR. JACOBS : Laat ek dit dan so stel, dat daar georganiseer word om die Swartmense te kry in massa om stryd te voer teen die regering en apartheid en die regeringstrukture? -- Ek is betrokke by die kerk en die kerk waar my betrokkenheid is

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is daar nie so iets wat besig is om uitgevoer te word nie.

Weet u of daar 'n "struggle", soos dit genoem word of 'n stryd? -- Nie op die manier wat u dit stel nie, nee.

Op watter manier het ek dit gestel? -- As u praat van "struggle", u moet altyd vir my verduidelik wat u daarby bedoel, wat is die "struggle" wat u van opraat.

Ek sal nou daarby terugkom en dan gaan ek vir jou vra om dit vir die Hof te verduidelik. Ek wil dit aan jou stel dat onder die onderdrukkers word in hierdie Swartbewussyns-organisasies wat insluit Swartteologie organisasies, word ingesluit as onderdrukkers alle vorme van benede strukture van die Staat, soos Swart plaaslike besture, tuislandregerings, die Swartpolisiebeamptes wat die Staat help, alle mense wat aan die kant van die Staat is word daarin gereken as deel van die onderdrukkers? -- Nee, ek stem nie saam met u stelling nie, soos u dit nou stel nie. Ek sal graag vir u wil sê wat ek in die jaar 1984 gedoen het. Dit wil sê Augustus. Wat ek daar gedoen het, was net alleenlik met betrekking tot die huur en dit is al. Om alles van te praat wat u nou net genoem het, weet ek nie hoekom u dit aan my noem nie, want ek het niks daarmee te doene gehad in die tydperk van Augustus 1984 nie en hierdie Swartteologie wat ons van praat is nie 'n organisasie nie, maar 'n projek.

Kom ek vra dan vir jou, is jy vertroud met die terme "struggle of the people"? -- Ek is daarvan bewus dat hierdie woorde gebruik word op die manier waar ek dit sal kan vertolk.

Het jy self al die woord gebruik "struggle of the people"? -- Ek kan nie onthou nie.

Is dit moontlik dat jy so 'n antwoord vir die Hof gee? Dat jy nie kan onthou of jy daardie woord al self gebruik

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie? -- Kyk, wat ek daarby bedoel is, as u net hierdie woorde daar uittrek en ŉ uittreksel maak van iets, kan ek nie onthou nie, maar as u nou vir my kan sê in watter tema dit gebruik is, dalk sal ek onthou dat ek dit gebruik het.

So, ek moet jou eintlik help, maar jy moet mos self weet of jy die woord ook gebruik het "struggle of the people", of dit ŉ konsep is wat jy gebruik? -- Nee, nee, dit is nie dat u my moet help nie. Wat ek sê is dat u moet nie net daardie woorde alleen vir my noem sonder om vir my te sê wat alles gesê was tesame met daardie woorde nie. Ek is daarvan bewus dat ek daardie woorde hier gebruik het in hierdie hof, maar met ŉ agtergrond hoe ek dit gebruik het.

Behalwe vir hier in die hof, het jy dit in jou daaglikse lewe, in jou handel en wandel in die Vaal en voor jy in die Vaal gebly het toe jy nog in Johannesburg was en voor dit toe jy nog ŉ student was, het jy self die konsep "struggle of the people" gebruik in toesprake of in enige ding wat jy gelewer het? -- Ja, ek kon die woorde gebruik het byvoorbeeld "to struggle or to strive", selfs in die Bybel met die lees van Genesis waar Jacob in die stryd betrokke was saam met die Here. Selfs in die Nuwe Testament was dit ŉ stryd gewees waar Christus betrokke was "in the wilderness" waar hy vir 44 dae sonder kos geleef het. Dit wat ek nou net genoem het as voorbeelde kan gesien word in ŉ stryd en waar die Here praat in Psalm 22 en sê "My Here, My Here, hoekom het Jy my gelaat?" Dit is die stryd waarin hy betrokke was, in daardie woorde.

HOF : Voordat ons nou ŉ preek kry, ons is besig met die begrip "struggle of the people", wat het enige van die voorbeelde wat u nou genoem het te doen met "struggle of the

people/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

people"? -- Ek noem dit hier in ons geloof in God dat ons as mense wat glo aan God daarop dui dat daar so ħ geloof is waar mense aan glo.

MNR. JACOBS : Ek sal weer vir jou die vraag vra. Ek sal hom vir jou duidelik vra. Kom ons maak dit nou baie eenvoudig. Het jy in enige politieke toespraak of iets van ħ politieke aard gebruik gemaak van die konsep van "struggle of the people"? -- Nee, maar wat ek wil sê is die volgende. As ek genooi is, dan moet ek gesien word as ħ predikant, ħ prieseter en nie as ħ mens wat deelname het aan politiek, dit wil sê ħ politikus nie.

Sal die feit dat jy ħ toespraak moet lewer op ħ AZAPO konferensie vergadering, sal jy dit beskou as ħ politieke vergadering, op ħ politieke organisasie se vloer gaan staan? -- Nee, ek is mos ħ priester.

Ons sal nog daarby kom. Jy sien, want ek wil dit aan jou stel dat toe jy die AZAPO kongres gaan toespraak het, het hy nie ħ preek gaan lewer daar nie, maar jy het ħ toespraak gaan lewer. -- Ek betwis dit nie.

En die toespraak wat jy daar gelewer het was ħ politieke toespraak ? -- Nee.

En in daardie dokument, in jou toespraak wat ingehandig is, wil ek jou net verwys na BEWYSSTUK B17 bladsy 18 en die opskrif van jou toespraak waarna ek jou verwys staan daar "Black Theology and the struggle of the people"? -- Ja, ek ontken dit nie. Mag ek dit sien?

Jy behoort dit eintlik goed te weet, want jy het dit self geskryf. Daar staan dit bo, die opskrif? -- Ja, ek het nie daar gaan preek nie. Ek stem saam met u. Dit was ħ toespraak gewees.

Sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sal u vir ons sê die konsep "struggle of the people", is dit dieselfde as die konsep "freedom struggle"? -- In verband waarmee? Waarop is dit gemik? As dit miskien gebruik word as ŉ onderhoof van Black Theology, ja, want daar praat jy daar met God. Jy doen ŉ beroep. Mag ek ŉ versoek aan die Hof rig? Ek het hier ŉ ondervinding wat ek nie verstaan nie, indien dit die Hof behaag. Elke keer as ek praat en antwoord dan lag mnr. Jacobs. Ek weet nie wat dit beteken nie.

MNR. JACOBS : Ek het geglimlag.

HOF : Mnr. Jacobs, ons het nou al ŉ protes gehad vantevore. Ek wil nie hierdie soort situasie hê dat daar beweer word dat vrae wat ernstig beantwoord word lagwekkend is nie, want dit is dit nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê, as daar verwys word na die "struggle of the people" word daar verwys na ŉ "freedom struggle"? -- Ek sê ja, ek is ŉ persoon wat eintlik met die tipe Godsdienstige werk te doen het en sien ek dit dat dit gemik is op die Here wat ŉ Vryheidsteller is. Al die mense gebruik dit, maar hoekom hulle dit gebruik, op watter grond, weet ek nie. Ek gebruik dit en sien dit in my geloof, wat sê my geloof van dit.

HOF : Vryheidstelling van wat? -- Die Here is die Vryheidsteller van mense van die sonde.

Maar dan sou ŉ mens die "freedom struggle" begrip kan toepas op Blankes, Asiërs, Swartes, enige persoon in die wêreld ook? -- Ja, die Here is vir almal.

En die "struggle of the people" ook? -- Ja, dit is mense. Hy maak nie ŉ verskil tussen mense nie. Dit is mense. Dit is juis hoekom ek vroeër gesê het, as ons praat van mense, praat ons nie van ŉ sekere ras van mense nie. Ons praat

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van mense in die algemeen.

Ek begryp u nie, want hier bo aan die stuk het u geskryf "Black Theology." Ek het altyd gedink daar is net een teologie, daar is nie ŉ Witteologie en ŉ Swartteologie en ŉ Geelteologie nie. -- Nee, nee, nee, u moet my mooi verstaan. My punt wat ek wil maak daar is dit verwys na die Swartmense met wie ek daar gepraat het in my toespraak dat dit sê "Black Theology." Dit is gemik op die gehoor wat daar was. As ek praat van mense sonder om ŉ onderskeid te maak, is omdat ek weet ons kerk se lidmaatskap is nie beperk tot Swartmense nie, ons het Witmense ook. As ek nou ŉ toespraak moet maak, die konteks van my toespraak daar sal wees dat dit gemik is aan die mense vir wie ek die toespraak maak.

MNR. JACOBS : Is jy klaar? -- Soos ek al vroeër gesê het in my getuienis, as ons praat van eenheid, praat ons van eenheid van die mense as geheel in Suid-Afrika. Byvoorbeeld as ons praat van "unity in strength" is dit wat beteken word.

As ek jou getuienis nou reg opsom, sê my asseblief as ek verkeerd is, is dat "struggle of the people", "freedom struggle" en "liberation struggle" is almal dieselfde konsep en dit is ŉ stryd teen die sonde? -- Ja.

HOF : ŉ Spesifieke sonde of sonde in die algemeen wat alle mense kan pleeg? -- Sonde deur persone teen ander en sonde in die algemeen wat gepleeg word deur verskillende mense is betrek in daardie sin wat ek gesê het.

Dus, die sonde kan wees die sonde van diefstal en die sonde van drankmisbruik en al daardie soort sondes ook? -- Ingeslote die apartheid sonde.

Maar nie uitsluitlik die apartheid sonde nie? -- Ja, nie uitsluitlik die apartheid nie. Die sonde as geheel.

Apartheid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Apartheid moet ook gesien word as ŉ deel van die sonde wat genoem word in die algemeen.

MNR. JACOBS : Is dit nou ŉ teologiese uitleg wat jy aan die Hof gegee het van die stryd? -- Ja.

In die Swartbewussynsbewegings waaraan jy behoort het en wat jy nog steeds ondersteun, kan jy vir die Hof sê is dit ook die betekenis wat daaraan geheg word aan die konsepte wat ek aan jou genoem het "struggle of the people", "freedom struggle" en "liberation struggle"? -- As ons na Swartbewussyn kyk, dan sien ons dit is gemik is op dinge wat mense affekteer in die natuur van ŉ mens. Dit is net op dit alleen beperk. As ons praat van die Swartteologie, dan praat ons van die verduideliking wat daar is volgens die Here op hierdie huidige toestand van persone of die standpunt van persone. Nou moet daar na die Swartteologie gekyk word, wat sê die Here in Sy Woord, naamlik die Bybel.

HOF : As u nou sê in hierdie toespraak wat u daar gehou het by AZAPO en u het gepraat van "struggle of the people" daar en die Swartteologie in verband daarmee, het u dan bedoel ŉ stryd van die mensdom teen sonde in die algemeen soos drankmisbruik, selfsugtigheid, diefstal, roof, moord en daardie soort van dinge? -- Ja.

MNR. JACOBS : In die beleid en beplanning van die Swartmagbewegings, het hierdie begrippe "struggle of the people", "liberation struggle" en "freedom struggle", ŉ politieke betekenis?

MR BIZOS : The "Swartmag" again is not used by the witness, is not used in the documents, which are used by police officers and some prosecutors, has been rejected and I am appealling to the prosecutor not to use it in asking questions, because

it/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

it is going to lead to difficulties.

MNR. JACOBS : Ek is jammer as ek dit gesê het. Ek het nie mooi gedink daardie oomblik nie. Die bedoeling is, waar ek gepraat het van Swartmagbewegings, is eintlik "Black Consciousness" beweging.

HOF : Kan u net weer die vraag herhaal.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die Hof sê, het die begrippe "struggle of the people", "freedom struggle", "liberation struggle" ŉ politieke betekenis volgens die beleid van die
K764 Black Consciousness bewegings? -- Ja, aan die organisasies wat die stigting daarvan gebaseer het op die beweging. Die Swartbewussyn is eintlik ŉ beweging. Dan kry jy ŉ organisasie wat daardie beweging aanvaar en dan daarvolgens gestig word. Ja, dit het so ŉ betekenis.

HOF : Met ander woorde, kom ons neem nou net "liberation struggle". "Liberation struggle" het ŉ politieke betekenis? -- Dit is hoe ek dit verstaan, ja. Dit word in verband gehou met die politieke organisasies, maar as ŉ mens dit nou op die Christelike manier moet gebruik, dan praat jy van - as jy praat van "liberation", die vryheidstelling, dan praat jy van die Here as ŉ Vryheidsteller.

MNR. JACOBS : Kom ons gaan net verder. "Liberation struggle", het dit ook ŉ politieke betekenis? -- Ja.

En "Freedom struggle" het ook ŉ politieke betekenis? -- Ja.

Het die drie begrippe, "liberation struggle", "struggle of the people" en "freedom struggle" dieselfde politieke betekenis? -- Ek praat hier van kennis wat ek opgedoen het. Ek praat nie soos ŉ persoon met ondervinding wat betrokke is by hierdie organisasies om dit breedvoerig te kan sê

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met sekerheid wat dit beteken nie. U kan my vra op die vlak waar ek is as ŉ Christen, as ŉ mens wat betrokke is met Christelike dienste. Dan sal ek in staat wees om dit breedvoerig te kan verduidelik.

In jou tyd as lid van SASO, wat het die betekenis - watter betekenis is geheg aan die begrip "struggle of the people"? -- In my tyd toe ek nog ŉ student was by die "seminar" was ek betrokke gewees in die organisasie. Dit was tot en met die jaar 1971. In daardie tyd was ek beter ingelig met die vertolking wat hieraan geheg kan word. Sedertdien is ek nie direk betrokke nie. Dus is ek nie in staat op hierdie huidige oomblik om vir die Hof die politieke betekenis daarvan presies te kan gee nie, want ek verstaan die manier van die vraag asof u bedoel dat ek nog betrokke is by SASO terwyl ek nog hier staan. Die organisasie was in die jaar 1977 verban.

Is dit reg, jou politieke aktiwiteite het nie opgehou in 1971 toe jy nog ŉ student was nie? -- Verduidelik net ŉ bietjie wat u daarmee bedoel?

Ek vra vir jou ŉ vraag, is dit korrek dat jou politieke - jou aktiwiteite op politieke vlak het nie opgehou in 1971 terwyl jy nog ŉ student was nie? -- Dit het daar geëindig, want sedert die tyd wat ek die kollege verlaat het, was ek nooit in enige politieke organisasie betrokke gewees nie tot op hierdie huidige oomtlik wat ek hier staan.

Dit is van 1971 af tot nou toe? -- Ja, ek was nie by enige politieke organisasie betrokke nie.

Sal jy sê dat die "action committee" wat in Soweto bestaan het en wat ingestaan het vir die "Committee of Ten" solank hulle in die gevangenis was, is nie ŉ politieke

organisasie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

organisasie nie? -- Nee.

Ongelukig kan ek nou nie die naam so goed onthou nie, ek dink Semenyele Trust ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Zemele Trust.

MNR. JACOBS : Zemele Trust, dit was nie ŉ politieke organisasie gewees nie? -- Nee, dit is nie ŉ organisasie nie.

Was jy nie ŉ voorsitter van hom nie? -- Nee, u het my nie mooi verstaan nie.

Was jy gekies op die eerste vergadering as die voorsitter van daardie Trust? -- Nee.

En die Trust het hom besig gehou om hulp te verleen aan politieke aangehoudenes? -- Nee, u het my nie mooi verstaan nie. Ek het gesê Black Community Program het Trust gehad en Zemele Trust was een van hulle. Die Zemele Trust se pligte was in twee verdeel. Dit is die program van Zemele. Dit het bestaan uit ŉ komitee, dit is die Zemele Trust. Ek was ŉ lid aan die een vlerk wat bekend staan as Thusanang. Zemele het projekte gehad. Dit was voorsien van Empeleni Mobile Clinic waarin mediese praktisyns, dokters, betrokke was met die help van hierdie kliniek. Daar was ook ŉ ander kliniek by ŉ plek gewees bekend as Zinyoka te Kingwilliamstown. Thusanang het te doene gehad met die hulp wat verleen word aan die mense wat weens politieke bedrywighede aangehou is. Dit beteken dus dat Thusanang is nie ŉ organisasie nie. Dit is hoekom ek nie saamstem nie. Dit was ŉ projek gewees wat uitgevoer word onder Zemele onder die projek Tsunanang en Zemele Trust. Dit is programme wat uitgevoer word en nie organisasies nie.

Ek gaan dit liewers daar los. Ek wil dit aan jou kortliks stel en sê dat met die begrippe "struggle of the

people/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

people", "liberation struggle" en "freedom struggle", in 'n politiese sin deur die organisasies wat Swartbewussyn aanhang en ook ander organisasies selfs, soos UDF word daar bedoel 'n stryd teen die bestaande regering? -- U vra my van dinge waarvan ek nie eers weet nie. Ek is nie 'n lid van enige organisasie nie. Ek is nie ;'n lid van 'n geaffilieerde organisasie aan UDF nie. Ek dien eintlik by geen organisasie nie. Dus is ek 'n lid van geen organisasie nie.

HOF : U lees seker die koerante en waar in die koerante geskryf word van "liberation struggle", lees dit u dit altyd in 'n godsdienstige sin? -- As dit betrekking het op die kerk, ja.

En as dit nie betrekking het op die kerk nie? -- Ek het nog nie so 'n onderwerp gehad in die koerantberigte nie, maar as iets in daardie sin geskryf is en dit word genoem met betrekking tot 'n organisasie, dan lees ek dit in die organisasie self wat die organisasie daaromtrent sê. Afhangend natuurlik ook van wie die verklaring gemaak het. Is dit nou die mense wat die beleid maak van die organisasie wat daardie verklaring gemaak het of nie, alvorens ek dit kan aanvaar as die beleid van daardie organisasie.

Ek wil van u weet, het u al in die koerant gelees die begrip "liberation struggle" in 'n nie-godsdienstige sin? -- Ek kan nie onthou nie. Dit kan wees.

MNR. JACOBS : As daar gepraat word van "the struggle of the people", van watter "people" word gepraat of na watter "people" word verwys? -- As ek praat van die woorde "struggle of the people", beteken "people" vir my die mense as geheel, burgers van Suid-Afrika.

Is dit net - almal die mense of is dit net sekere

klasse/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

klasse van mense, rasse van mense? -- Ek praat van mense van God wat gemaak is deur God, God wat nie ŉ apartheid het nie.

As daar gepraat word van "freedom struggle", wie se vryheid word daar voor gestry? -- Ek neem aan die vraag is bepaal dat ek self moet antwoord wat verstaan ek of onder watter omstandighede praat ek daarvan? As ek daarvan praat, praat ek van die vryheid van God wat van toepassing gaan wees op almal.

As daar gepraat word van die "liberation struggle", wie is dit wat bevry moet word? -- As ek daarvan praat, praat ek van die vryheid vanaf God wat gebring gaan word deur Hom aan al Sy mense sonder enige uitsondering.

En is dit nou vryheid in watter sin? Vryheid om ŉ eie regering te vorm of vryheid in ŉ ander sin? -- Apartheid as ŉ Christelike leier praat ek van ŉ vryheidstelling wat gaan veroorsaak dat al die mense van die land as geheel die apartheid nie sal voortsit nie.

So, dit is net gemik op apartheid? -- Ek as ŉ Christen praat daarvan in daardie sin, dat as ek nou van apartheid praat, praat ek van apartheid en al die sonde wat ŉ mens raak.

<u>HOF</u> : As u van apartheid praat, dan bedoel u drankmisbruik ook? -- Ek praat van apartheid as sonde, gebruik van drank as sonde en omtrent al die sondes wat daar is in ŉ mens. Om mense se gesinne apart te hou, dit wil sê dat hulle nie bymekaar moet wees nie, is sonde. Dit is iets wat mense raak. Die verskuiwing van mense, dit wil sê verpligte verskuiwing van mense vanaf ŉ woonbuurt na ŉ ander plek toe, is wat my betref sonde.

Watter vraag is u besig om te beantwoord? -- Ek

verduidelik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verduidelik nog wat sonde is, waar ŉ mens sonde kan kry.

Ons weet wat alles sondes is. U het dit vantevore al twee keer opgesom. Ek wil u ŉ ding vra na aanleiding van die stuk wat u opgestel het B17. Net miskien interessantheidshalwe, u sê in die eerste paragraaf die tweede sin, as ek dit nou kan opsom dat "Black theology" en dan die laaste gedeelte "does not claim to be a theology of absolutes." Wat bedoel u daarmee? -- Die "absolutes" hier deur my gebruik beteken dat dit "dynamic" is, soos ek dit nou gebesig het in die jaar 1982. In die loop van die jare het dit verander. Daar is nuwe insettings wat plaasgevind het.

Is dit die algemene betekenis van daardie woord in u kringe? -- Dit is nie die enigste manier om dit te verduidelik as betekenis nie. Daar is ander maniere ook waarop mense dit kan verduidelik, maar dit is my manier van verduideliking van die gebruik van die woorde daar.

MNR. JACOBS : Ek wil afsluit oor daardie punt wat ek neem oor hierdie soort stryd. Dit is vir my baie eienaardig. In hierdie selfde dokument waarna die Hof nou verwys het op bladsy 20 stel jy dit dat die Skepper is vir julle aanvaarbaar in Swartteologie omdat Hy in die stryd van die Swartman hier en nou en vir die toekoms van Suid-Afrika ingetree het. Jy stel dit so, ek lees dit aan jou "Jesus is acceptable to us because He has entered the struggle of the Black man here and now and for the future in South Africa." -- Ja.

So, die Skepper is alleen aanvaarbaar vir julle as Hy in die Swartman se stryd is.

MR BIZOS : The word "alleen" does not appear in the passage.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan jou, dit is die betekenis wat ek hier uit gekry het, Hy is alleen aanvaarbaar vir julle

omdat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat Hy deel geword het van die Swartman se stryd? -- Nee, dit is nie so nie. My verduideliking van wat hier bevat word is dat as Christus aanvaar is hier deur ons, die mense van Suid-Afrika, dan is dit die manier waarop die stryd gan ons in Suid-Afrika met Sy seën aanvaar is. As u terugblaai, voor u by daardie afsluiting kom, daar waar ek begin met die "conclusion", as u daardie paragraaf lees, sal u sien ek praat daar van 'n persoon, in sy hoedanigheid as 'n persoon en 'n persoon as 'n figuur wat verteenwoordig die figuur van God. As u verder lees, die begin van die derde bladsy die laaste sin op daardie bladsy, daar waar ek praat van die Swartteologie, wat eintlik voorgee wat Christus te doen het met ons mensdom en die gevoel van ons versuim.

Ek stel dit aan u, u het nou self gesê dit is 'n konklusie waartoe u gekom het, dat die Skepper is op 'n AZAPO vergadering en vir almal van julle wat daar teenwoordig is op die AZAPO vergadering aanvaarbaar omdat Hy deel het in die stryd van die Swartman. Dit is wat jy hier sê, kort en klaar. -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. As u dit mooi lees daar, ek sê Jesus is eintlik aanvaarbaar vir ons want Hy is ook daar saam met ons. Hy het betrokke geraak in die stryd van die Swartmense en dus dra Hy by tot die toekoms van Suid-Afrika. As u daardie afsluitingsparagraaf lees, is dit die opsomming van die paragraaf.

<u>HOF</u> : Maar as u nou na die laaste sin kyk van daardie stuk van u, "The Struggle of the Black man here and now" en u kyk na die opskrif "The struggle of the people", is dit nie dieselfde nie? -- Ja, maar kyk, 'n Swartman hierso vorm 'n gedeelte van persone of mensdom in die land.

<u>MNR. JACOBS</u> : Maar hier is dit die stryd van die Swartman.

Watter/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Watter stryd is dit wat die Swartman voer, die stryd soos u dit hier omskryf "Here and now and for the future in South Africa"? -- Ek praat van die verhouding tussen ons en die Here. Kyk, die Here sê "Ek is die Here van vandag, die Here van gister en die Here van môre." Dit is wat Hy sê. Wat ek daar sê is 'n aanhaling van wat die Here sê, want dit is die verduideliking wat die Here gee en sê die mense sê hulle sal die toekoms van die hemel aanvaar die dag wat hulle dood is en die Here verduidelik dit dat dit nie die posisie is nie.

Ek wil dit net aan jou stel dat jy gebruik die teologie hier om my vrae elke keer te ontwyk. Ek stel dit aan jou dit is wat jy doen? -- Nee, dit is nie so nie. Ek is 'n Christen en ek antwoord op die manier wat ek weet.

Ek het vir jou net dood eenvoudig gevra wat is die "struggle of die Black man here and now and for the future"? "The struggle of the Black man", dit is al. -- Dit is wat veroorsaak dat 'n Swartman nie aanvaar word as 'n persoon in geheel in die verstandhouding van 'n persoon in Suid. Afrika nie. Is die persoon besig om homself te onderskat of is die persoon onderskat deur dit wat veroorsaak word in die apartheid. Dit is die toekoms wat ek van praat, dit wil sê die toekoms wat betrekking het op ons as geheel en die toekoms van die hele land met betrekking tot die mense van die land as geheel. Dit is aan die God van die mense.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG.</u> <u>HOF HERVAT.</u>

K765 <u>TEBOGO GEOFFREY MOSELANE</u>, bevestig verder

<u>VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS</u> : Mnr. Moselane, ons was besig met die stryd van die Swartman waarvan jy in

jou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

jou toespraak melding maak. Wat moet die Swartman bereik met die stryd van die Swartman? -- As ek praat van die stryd van die Swartman, praat ek van "the divine struggle". Ek praat nie van ŉ stryd waar geweld betrokke is nie .

Kan jy vir ons sê wat moet hy bereik met die stryd van die Swartman? -- Ons is mense hier op die aarde. Dit was ŉ Swartman sal bereik, sal wees dat hy ŉ voorbeeld sal moet wees van God.

Is daar enigiets wat die Swartman op ŉ politieke sin moet bereik in die stryd van die Swartman? -- Dit is ŉ goeie lewe wat hy moet bereik.

In ŉ politieke sin? -- As hierdie dinge nie alles daar is in ŉ mens nie, dit wil sê die politiek of soos ek dit hier aanhaal van dit wat geskryf is hierso "social political dimensions of a Black man", dan sal daardie persoon nog nie bereik het wat hy oor betrokke is in die stryd nie.

Kom ek stel dit vir jou in jou eie woorde, wat is bereik in die politieke dimensie in die stryd van die Swartman? -- Dat hy nie homself moet onderskat nie of sommer moed opgee nie. Hy moet weet hy is die medewerker van God op die aarde.

In die begrippe en strategie en beleid van die Swartbewussynsorganisasies word daar ook dikwels gepraat van "the enemy of the people". Stem u saam daarmee? -- Ja, ek is daarvan bewus. Ek het daardie kennis opgedoen soos ek alreeds vir u gesê het waar ek nie betrokke is nie.

En dit is ŉ bekende en ŉ algemeen aanvaarde begrip dat in hierdie organisasies word daar verwys na "the enemy of the people"? -- Ek sien ŉ vyand van die mense as ŉ sekere idee wat die onderskatting van ander mense veroorsaak.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek sien dit nie as ɦ lewendige ding nie. Byvoorbeeld die vyand apartheid. Dit is ɦ vyand.

Wie is die "people" waar hier na verwys word? -- Al die mense van God is die "people" wat na verwys word.

In hierdie Swartbewussynsorganisasies se strategie en beleid? -- As ek praat van persone, praat ek van enige persoon op aarde in Suid-Afrika.

HOF : Dit maak nie saak watter geloof hy het nie, dit maak ook nie saak of hy ɦ ateïs is nie? -- Ja, dit maak nie saak nie. Eintlik, al het hy nie ɦ geloof wat hy vir my van kan sê nie, is die Here eintlik bokant al die ander gelowe wat daar bestaan. Dit is Christus.

MNR. JACOBS : In die beleid van hierdie organisasies van die Swartbewussynsorganisasies, is die "people" in hulle beleid enige spesifieke ras Swartmense of Witmense of wat is die ding? -- Ek het gesê ek behoort nie aan ɦ organisasie nie, maar ek as ɦ leier van mense wat as Christene beskou gaan word, sal ek sê daar is geen verskil wat gemaak word tussen die mense nie.

Kan jy vir ons sê wie is die vyand, wie is die "enemy"? -- Die apartheid is die vyand.

En wie moet apartheid dan beveg as ɦ vyand? -- Ek praat daarvan in die sin van die godsdienste en ek praat nie van te baklei, dit wil sê ɦ mens moet iemand te lyf gaan en baklei nie, maar in die geloof van God praat ek van.

In ɦ politieke sin van, soos dit bejeën word deur die Swartbewussynsorganisasies, wie moet apartheid baklei of beveg? -- Ek het gesê in antwoord dat daar is organisasies wat die beleid van die Swartbewussyn aanvaar en ek is nie ɦ lid van daardie organisasies nie. Dus vind ek dit moeilik

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om namens die organisasies te antwoord.

Kan jy nie 'n antwoord gee nie? -- Omdat ek nie 'n lid is van die organisasies nie, hoe kan ek namens hulle iets sê?

En toe jy wel lid was, kan jy vir ons sê toe? -- Ja, in daardie tyd omtrent vyftien jaar gelede en ek het vir hierdie Hof gesê dat daardie organisasie was verban.

Kan jy nog nie vir ons sê nie? -- Herhaal die vraag?

Ek het die vraag gevra in 'n politieke sin, wie moes, volgens die beleid van die organisasies, van daardie organisasie waaraan jy behoort het vyftien jaar gelede, apartheid beveg? -- Ek weet nie waarvan u praat nie. "I was involved in a student's organisations and not a political organisation."

Was AZASO nie ook 'n politieke organisasie op die kampusse nie?

MR BIZOS : AZASO?

MNR. JACOBS : SASO, ekskuus? -- Dit was 'n organisasie van skoolkinders, soos u dit noem Students' Organisation.

En was dit ook politiek georiënteerd? -- Ek weet nie hoe u dit nou so noem nie, maar wat ek wel van weet is dat dit 'n organisasie is wat te doene gehad het met die skoolkinders se probleme wat hulle ondervind het.

Is dit nou skoolkinders of studente?

HOF : Hoekom moet ek geïnteresseerd wees in die filosofie van 'n klomp skoolkinders vyftien jaar gelede om 'n terme wat in hedendaagse dokumente gebruik word te probeer interpreteer. Dit is nou net die manier om in 'n valstrik te trap. Dit het niks met mekaar te doen nie. Die begrip kan heeltemal anders wees vyftien jaar later.

MNR. JACOBS : Net dat ek reg verstaan, wat bedoel jy onder apartheid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

apartheid? -- Wat ek verstaan is mense word apart gehou as gevolg van hulle kleur.

Is dit die begrip apartheid wat jy sê wat die sonde is? -- Ja. In die sin dat al die mense is mense van God en God het nie bedoel dat mense volgens die kleur apart gehou moet word nie.

Jy is welbekend met die begrip "people's power"? -- Nie ten volle nie. Ek het net ŉ bietjie kennis.

Wat word bedoel met "people's power"? -- Dit beteken dat die mag wat God aan jou gegee het, sal jy moet gebruik in God se dienste.

Die "people's power", was dit vir spesifieke mense gewees, Swartmense bedoel of verwys dit na spesifieke mense, Swartmense se mag? -- Nee, ons praat nou van die mense sonder enige uitsondering. Die mense is deur God die mag gegee om dinge te doen of om in staat te wees om sekere dinge te doen. Dit wil sê goeie dinge.

Om net iets duidelik te kry, die Swartbewussynsbeweging, watter organisasies is aanhangers van hierdie beweging? -- AZAPO is die een wat ek van weet wat eintlik die Black sciousness aanvaar.

AZASM, weet jy iets van hom? -- Ek weet nie. Al wat ek kan sê is AZASM is ŉ organisasie van skoolkinders.

Is dit geaffilieer by AZAPO? -- Ek weet nie.

Weet u iets van AZANYO? -- Dit is net aan my bekend as ŉ jeugorganisasie. Dit is net aan my bekend as ŉ organisasie wat met "Africanism" te doene het. Meer as dit weet ek nie.

Wat bedoel jy met Afrikanisme? -- Wat ek weet is dat die organisasie het te doene met die "Africans". Meer as dit kan ek nie sê nie. Die gebruik van "African" is eintlik

baie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

baie gebruik in baie sinne. Daar is voorbeeld African Church, African Methodist Episcopal Church. Dit is nou kerke wat onder daardie naam genoem word.

Weet jy dat daar algemeen onder die Swartmense georganiseer word vir die tot stand bring van ŉ "government of the people", ŉ regering van - ek sal dit vertaal - massas, van die mense? -- Ja, dit is reg. Dit moet mos die regering wees van die mense. Wie anders kan dit wees wat die regering laat bestaan sonder mense?

Wat beteken hierdie konsep van "the government of the people"? Van watter mense word gepraat? -- Die konsep word gebruik deur sekere organisasies in die land. Dit het betrekking op die politiek en ek weet nie wat dit beteken nie.

Deur watter sekere organisasies word hierdie konsep gebruik wat u nou na verwys? -- Ek weet nie watter spesifiek nie. Al wat ek weet is, dat dit word deur organisasies gebruik. Ek was ongelukkig nog nie ŉ lid van ŉ organisasie nie.

HOF : Ja, ŉ mens hoef nie noodwendig ŉ lid te wees van ŉ organisasie om te weet of ŉ organisasie sekere terminologie gebruik nie? -- Ja, ek verstaan dit. Dit beteken ook nie dat ŉ mens behoort nou te weet wat die ander organisasies doen omdat ŉ mens nou daar is as ŉ mens in die lewe nie.

MNR. JACOBS : Onder die Swartbewussynsorganisasies waarna u verwys, is daar enige van hulle, is daar onder daardie groep en waarvan jy ook ŉ aanhanger is van Swartbewussyn, enige outentieke leiers wat julle beskou as die outentieke leiers van die Swartmense in Suid-Afrika? -- Nee, hierdie vraag is nie vir my duidelik nie.

Is daar enige aanvaarde Swartleiers wat deur jouself as ŉ ondersteuner van Swartbewussyn, die organisasies van

Swartbewussyn/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Swartbewussyn en ander organisasies aanvaar word as die outentieke leiers van die Swartmense in Suid-Afrika? -- Ek weet nie daarvan dat daar spesifieke mense is wat geïdentifiseer kan word as leiers nie, maar wat my betref, as ŉ mens ŉ leier is, dan is daardie mens ŉ leier.

HOF : En as jy dit nie is nie, is jy dit nie? -- Ja, waar ook al dit mag wees. As jy nie ŉ leier is nie, is jy net nie ŉ leier nie.

MNR. JACOBS : Mandela, sal jy beskou as ŉ outentieke leier of nie, van die Swartmense? -- Ja, volgens u, maar volgens my is my enigste leier Jesus Christus. Hy is die eerste leier van my. Verder die res van die leiers mag miskien posisie twee of drie na Hom inneem. Eintlik my tweede leier, as ek nou die ding mooi moet stel, is my biskoppe en almal wat hoër range beklee bokant my rang, byvoorbeeld die "archdeacon", die aartsdeken.

So, beskou jy dan Mandela as nie ŉ leier van die mense in Suid-Afrika, die Swartmense in Suid-Afrika nie? -- Nee, is dit nie mense beskou Hom as ŉ leier nie? Ek het aan u nou net gesê wat is dit wat ek beskou as ŉ leier, ek as ŉ persoon.

Deur die Swartbewussynsorganisasies soos AZAPO en daardie ander, dit is wat ek vir jou gevra het, word Mandela deur hulle beskou as ŉ leier van die Swartmense in Suid-Afrika? -- Nee, ek is daarvan bewys dat verskillende lande in die wêreld "awards" aan mnr. Mandela toegeken het as ŉ leier. Met ander woorde, as u nou praat van so ŉ klein organisasie plaaslik hier, kan ek nie verstaan wat dit is, wat wil u my laat verstaan nie.

Sal jy net my vraag nou antwoord? -- Nee, maar ek het

mos/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mos die vraag geantwoord. Kyk, moet my nie dwing om namens hierdie organisasies te praat en namens hulle hier antwoorde te gee nie. Hulle sal my laat vang, dat ek dinge gesê het waarvan hulle my nie eintlik van gesê het en waar ek nie op hoogte is van die feite nie.

Jy is ŉ ondersteuner van die Swartbewussynsbeweging. Dit is jou getuienis? Is dit reg? -- Kyk, die Swartbewussyn is nie ŉ organisasie nie. Dit is net ŉ ideologie wat daar is en om dit te ondersteun is om net gesag te hê vir hierdie mense, dat ek met hulle simpatie het met hulle wat so georiënteerd is.

My vraag sal ek weer herhaal, in die Swartbewussynsbeweging ... -- Mag ek net iets nog byvoeg. Ek het simpatie met die Swartbewussyn as ŉ filosofie en niks meer as dit nie.

In die Swartbewussynsbeweging is daar - word Mandela daar aanvaar as die leier van die Swartmense in Suid-Afrika? -- Miskien verstaan ek nie die vraag mooi nie, maar my antwoord op die vraag is, dit is die siening van die mense wie beskou dat daar ander mense is in die lewe wat as leiers beskou kan word. Dit is nou daardie mense se siening wat dit kan sê.

Is dit jou antwoord op my vraag? Volstaan jy daarby? -- Ja, dit is my antwoord.

Nou die mense wat die Swartbewussynsbeweging aanhang, aanvaar hulle die Freedom Charter? --Ek sal sê ek glo nie, maar ek weet nie. As u byvoorbeeld vir my sou vra of ek dit aanvaar, dan kan ek vir u die regte antwoord gee oor myself natuurlik.

Jy is ook ŉ aanhanger van die Swartbewussynsbeweging, ŉ ondersteuner daarvan? -- Ja.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, dan is jy ook van daardie beweging, dan raak dit jou ook? -- Nee, dit raak my nie, net omdat ek nou simpatie het vir hierdie Swartbewussyn? Ek glo nie.

Ek sal weer hiernatoe terugkom, maar ek wil oorgaan na heeltemal ŉ nuwe aspek. Dit gaan oor die stigting van VCA op 9 Oktober 1983. Het jy dit? -- Ja, ek verstaan.

Die stigtingsvergadering was in die Roomse Kerk gewees in Gebied 12? -- Ja.

As jy na die Rand ry vanaf jou huis, is dit reg as ek dit so aanvaar dat volgens jou getuienis is die beste en die maklikste pad met Seeisostraat uit verby die Administrasiekantoor? -- Ja.

HOF : Net vir duidelikheid, as u praat van Administrasiekantore, is dit nie die Administrasiekantore by Houtkop nie, maar die Administrasiekantore in Sharpeville?

MNR. JACOBS : In Sharpeville.

HOF : Het u dit ook so verstaan? -- Ja.

MNR. JACOBS : So, as jy van jou huis af ry om na die Rand te gaan en jy gaan nou met daardie pad met Seeisostraat uit, dan ry jy weg van Sebokeng af of hoe ry jy? -- Daar is twee roetes wat ŉ mens kan volg vanaf my huis na die Rand toe. ŉ Mens kan met die pad ry wat by Vereeniging/Potchefstroom aansluit of ŉ mens kan direk met die "free-way" ry wat na die Rand se kant toe gaan.

Kom ek stel dit so aan jou, om na die Rand te gaan en op die 9de om na die Rand te gaan vir jou, het jy die beste roete gevat want jy het alreeds vir ons gesê dit is die beste roete met daardie pad verby die Administrasiekantore in Seeisostraat? -- Is ek reg, u praat nou van die 3de?

HOF : Nee ons is besig op 9 Oktober 1983? -- Ja, ek verstaan,

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek is heeltemal saam met u. Op die 3de het ek die pad gebruik soos deur die Staatsadvokaat beskryf, net op die 9de was ek nie op pad na die Rand toe nie, ek was op pad na Randfontein nie.

Is Randfontein nie deel van die Rand, Witwatersrand nie? -- Ja, dit is, maar dit lê aan die westelike kant.

Die pad wat jy dan ry van jou huis af, moet jy deur Sebokeng ry? -- Ja, op pad Randfontein toe.

Deur watter gebiede van Sebokeng moet jy ry? -- Gebied 14 lê aan jou linkerkant. As ek reg is is dit Gebied 11 wat aan jou regterkant lê, Gebied 13 weer aan jou linkerkant en Gebied 12 lê aan jou regterkant. Gebiede 13 en 14 is aan jou linkerkant en 11 en 12 aan jou regterkant.

HOF : Is dit die pad wat by Houtkop verbyloop? -- Ja.

En dan by watter pad sluit hy aan? -- Deur Sebokeng en dan sluit jy aan by die pad van Vanderbijlpark, Johannesburg. Dit is nou die pad wat jou lei om verby Diepkloof Gevangenis te gaan, the old Potchefstroom road.

Voor ons daar is, sluit jy skuins aan by die Goue Hoofweg? -- Ja, jy sluit daar aan. Daarvandaan kry jy nog ŉ pad wat direk Randfontein toe gaan.

MNR. JACOBS : Maar jy sê jy moes Randfontein toe gaan daardie dag?

HOF : Ja-nee, ons het dit al op rekord.

MNR. JACOBS : Hoekom het jy self nie daardie konferensie bygewoon as die leier van die kerk nie? --Ek moes na ŉ sekere plek gegaan het.

Wat se sekere plek? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê ek was die dag op pad Randfontein toe en hoekom ek soontoe was. Wil u hê ek moet dit herhaal?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek het vir u ŉ eenvoudige vraag gevra. Ek het gevra hoekom het jy nie self daardie kerkfunksie op Randfontein bygewoon as hoof van jou kerk nie? Dit was my vraag aan jou? -- Ek is jammer, ek het nie so verstaan nie. Ek was onder die indruk gewees, ek vra om verskoning, dat u gepraat het van Sebokeng, maar ek het gesê die konferensie wat daar gehou was, was vir die Mothers Union.

Word dit nie bygewoon deur die priester nie? -- Nee, die priester van daardie betrokke gemeente sal daar wees. Dit is nie vir al die priesters om dit by te woon nie, want die priesters is nie lede van die Mothers Union nie.

Die konferensie van die Mothers Union, sou dit die hele Saterdag geduur het? Nee, nie die hele Saterdag nie, die hele dag van 9 Oktober 1983? -- Hierdie konferensie het ŉ aanvang geneem op die Vrydag. Dit sou aangegaan het tot die Sondag-middag. Dit is na die middagete.

Sou dit opgebreek het na die middagete? -- Ja.

Met ander woorde, jy moes die mense gaan kry het ongeveer die middagete? -- Ja.

Is dit reg dat na daardie vergadering wat in Gebied 12 Sebokeng gehou was in die Roomse Kerk het eers 14h00 begin, ook na middagete? -- Ja.

So, dan was jy alreeds laat gewees toe jy vertrek het van jou huis af om die mense op te laai? -- Nee.

Hoekom sê jy dit, want jy het dan eers na middagete by die vergadering van die stigting van VCA gekom? -- Ja, ek het daar opgedaag net na 14h00. Dit is by die vergadering van die stigting van die VCA, maar ek het nie langer as drie minute daar by die vergadering vertoef nie. Ek was toe weg gewees. Met my aankoms te Randfontein was hulle besig met

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die afronding van die vergadering.

So, die vergadering op Randfontein het weer aangegaan na middagete? -- Ja, ek glo so, want met my aankoms daar was hulle besig met die afronding daarvan.

Hoe laat het jy daar aangekom? -- Dit was na 15h00. Dit kon 15h10 gewees het of 15h15.

Is dit reg om by die Roomse Kerk uit te kom in Gebied 12 Sebokeng moes jy afgery het van jou roete na Randfontein toe? -- Nee, ek ry nie af van my pad af nie. Die Roomse Kerk van Gebied 12 Sebokeng is geleë op die hoek. Ek het net stilgehou en die persele binnegegaan.

Wat is die straat waar dit langs loop se naam? -- Ek weet nie wat die naam van die straat is nie.

Is dit die straat wat ook die busroete vat? -- Ja, die busse draai daar. Ek kan dit so aan u beskryf. Die Roomse Kerk Gebied 12 is regoor die poskantoor.

Het jy enige spesiale belang daarby gehad by die stigting van VCA? -- Daar was hoegenaamd geen belang gewees het wat veroorsaak het dat ek daar moet aandoen nie. Ek was op pad en terselfdertyd was ek bewus gewees van hierdie vergadering. Met die verbygaan daar het ek stilgehou, die perseel binnegegaan en ek is toe daar kans gebied om iets te sê. Ek het dit gesê en ek is toe weer weg.

Op die vergadering wat jy gepraat het wat jy nou so breedvoerig vir die Hof vertel het, het jy gepraat en steun vir die stigting van die VCA uitgespreek? -- Wat ek gesê het daar is, dit is ŉ goeie ding aan die stigters van die VCA. Dit is my toespraak wat ek daar gelewer het.

Hoekom het jy gesê is dit ŉ goeie ding? -- Want daar was nie een wat in die Vaal bestaan het nie.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het jy nog gesê in "support", in ondersteuning van die stigting van VCA? -- Dit is wat ek onthou het wat ek nou net genoem het.

Het jy enigiets gesê dat jy dit ook steun omdat dit kan optree vir die mense van die Vaal? -- Ek kan nie onthou dat ek so gesê het nie.

Jy sê jy het vir beskuldigde nr. 16 raakgeloop. Waar was dit gewees? -- Op die perseel.

Waar het hy vandaan gekom? -- Ek weet nie, ek vermoed dat hy van Johannesburg afkomstig was.

Het julle nie met mekaar gepraat toe julle mekaar daar ontmoet het nie? -- Ons het mekaar gegroet, ja.

Het julle nie gepraat oor waarvanaf hy nou kom nie? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Saam met wie hy gekom het nie? -- Nee, dit het my nie geraak nie. Kyk, ek kry die persoon daar op die perseel staan.

Het jy aan beskuldigde nr. 16 gevra wat kom maak hy nou daar? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Het hy nie vir jou vertel wat kom maak hy daar nie? -- Nee, hy het nie nie saam met my gekom nie, hy het met sy eie dinge daar gekom.

Wat het van hom geword? Het jy hom daar buitekant gelos? Hy het op sy eie daar gekom en hy is daar en nou los jy hom daar? -- Ek en hy het by die ingang gaan staan, dit wil sê by die deur. Terwyl ons daar gestaan het, is ek toe ingeroep. Ek is toe na die verhoog toe. Hy het my gevolg tot op die verhoog, waar ek die toespraak gemaak het. Na ek klaar was, het ek die vergadering verlaat. Hy het my gevolg na buite toe. Ek het in my voertuig geklim en ek is toe weg. Wat van hom daar buite geword het, weet ek nie.

Waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar het jy hom daar buitekant gelos? -- Op die perseel.

Weer by die deur of waar? -- Net voor ek die erf daar verlaat het, iewers daar, voor ek by die uitgang van die erf was.

HOF : Maar wat was die rede waarom hy ook uitgekom het? -- Ek weet nie, maar ek het met hom by die deur, dit wil sê die ingang gestaan toe McCamel my geroep het. Toe dit gebeur het, het ek hom geroep om saam te kom. Hy het toe saam met my gegaan. Toe ek die plek weer verlaat het en uitgegaan het, het hy ook uitgegaan. (10)

MNR. JACOBS : Kan ek dit so aan jou stel dat jy het self daarvan geweet en algemeen was dit bekend dat daar sal 'n stigtingsvergadering gehou word daardie dag in Gebied 12 Sebokeng van die VCA? -- Ja.

En dit is soos 'n mens weet oor die algemeen dat dinge daar in die woonbuurtes gebeur? -- Ek weet nie hoekom sê u oor die algemeen nie. Watter algemeen?

U kan vir my 'n antwoord gee, ja of nee?

HOF : Daardie vraag is te onduidelik. U kan hom herformuleer en hom môreoggend vra.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 16 JUNIE 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.